AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL

Stroom-op

SEPTEMBER 1976

# LEKKER OU LEKKER!

## DIT WAS FEESTE

**Genotvol, aangenaam, gesellig en sommer net lekker. Op Woensdag 3 Junie 1976 vier die A.H.S. en die A.H.M.P. die vierde gesamentlike boeresport as die grondel van die A.H.S. Die boeresport was 'n reuse sukses.**

Dit klink na 'n mondvol – maar glo my u het die helfte nog nie eers gehoor nie, eier-en-lepelgooi, toutrek, hindernisreisie (waarna almal uitsien vir 'n gratis Coke) en dan nogdie hokkie wedstryd tussen die A.H.S. se eerstes en die ANMP se eerstes.

Daar is op klasbasis gekompeteer om soveel moontlik van die leerlinge by die byeenkoms te betrek. Die klas wat toe uiteindelik gewen het was 9D. Ons sê aan die klas baie geluk.

Na 'n taai stryd van 60 min. het die A.H.S. weggestap met 'n 4-0 oorwinning oor A.H.M.P. Dit het al vir A.H.S. tradisie geword om elke jaar te wen. nieteenstaande

### *TOUTREK!*

"Mnr. Jaws" se vasbyt aan die gras heel agter aan die onnies se tou moes hulle steeds die knieë voor die seuns se span buig.


Al die toutrek kompetisies tussen A.H.M.P. en A.H.S. is deur die seuns gewen en die meisies moet solank begin oefen vir volgende jaar se boeresport.

As 'n geheel geneem was dit 'n baie suksesvolle dag en ons hoop hierdie boeresport sal die verhoudinge tussen die twee skole nog meer uitbrei as van te vore.

**André Joubert**



*Foto regs: Kwadraat besig om te versnel.*



*Dagga se draai?*

# BUITELAND!

**Onder leiding van Mnr. Bezuidenhout vertrek Affies se nege beste tennisspelers oorsee. Die span is Willem Nel (kapt.), Pieter Smit, Ian Duvenhage, Fiedie du Toit, Jakobus Jordaan, Freddie en Johnie Sauer, Henkie Venter en Henk Basson.**

Die hoogte punt van hierdie toer was toe die Snr. van Affies teen die Engelse O/21 B span 6-2 verloor het. As mens in ag neem, dit is die tweede sterkste O/21 span in Engeland.

Baie opvallend was dat Eton die enigste skool wat deur hulle besoek is wat skooldrag gehad het. Nog iets opvallend was dat al die skole wat besoek is 'n tradisie van meer as 'n 1000 jaar het in vgl. met ons skool se 57 jaar tradisie. Die Affies het ook 'n stappie deur die kasteel gehad waarna hulle in die teekamer gaan tee drink het.

Millfield wat die beste sport skool in Engeland moes die knieë voor die Affies buig toe die Affies met 10-6 gewen het.

### WIMBLEDON


Hulle besoek ook Wimbledon stadion en word deur die Sekretaris onthaal.

Op Illkley het hulle op die binnenshuisse baan wat bedek was met tapyt gespeel.

Na 'n baie geslaagde toer keer die Affies terug. Al die wedstryde is gewen behalwe die een teen die O/21 B Span. Ons wens spesiaal vir Jakobus geluk wat al sy wedstryde hetsy dubbels of enkel almal gewen, ook aan ander spelers, baie geluk en sterkte vir die toekoms.

**André Joubert**

## Affiena skryf eksamen



## LATYNTOER

EEN VAN die tale wat op Meisieshoër aangebied word is Latyn. Hierdie argaise taal word net deur 'n paar amasones geneem; meisies wat kans sien vir die taal desnieteenstaande die feit dat hulle nooit die taal met iemand sal praat nie; maar wel met swoeg en sweet die Letterkunde sal kan geniet.

Vir die eerste keer in die geskiedenis is die inisiatief aan die dag gelê om die Latyn-klas na Italië te neem; die land waar die taal sy oorsprong gehad het.

Buitengewone goeie idee nie waar nie?

Maar 'n eienaardige verskynsel manifesteer:

'n Negativisme, 'n anti-Latyn gevoel, 'n jaloesie is te bespeur by die Affies. Dit blyk of dit selfs sover as boikot wil gaan, bv. in ander jare het die kerkafsluiting – plate soos soetkoek verkoop, maar nie vanjaar nie.

Die punt is net, dat dit vir enige taalgroep moontlik is om so iets mee te maak, indien die inisiatief, moed, werksvermoë, positiewe houding en regte gees daar is.

# NEGATIVISME?

**Die Radaksie het besluit om Stroom-op hierdie trimester so 'n effense kleurtjie in die wang te gee. Die persone wat die moeite sou doen om Stroom-op te lees, sal miskien agterkom dat ons probeer klem lê het op die "negativisme" wat tans in Affies heers.**

**Hoewel u dit as byna ongelooflik mag beskou, is daar tog nog mense wat die moeite doen om sommige van die artikel te lees; wat nog meer ongelooflik is, is dat daar selfs mense is wat artikels skryf, vir die "mondstuk van die Affies"!**

**Ek wil hierdie "Waaghalse" en "amesones" by voorbaat bedank vir hulle bydraes. Waar het hierdie "laat-maar-loop-houding" sy oorsprong? en hoe kan ons dit verander?**

**Die antwoord op vraag 2 is betreklik eenvoudig:**

**Ons kan hierdie negatiwiteit teëwerk deur onmiddellik daadwerklik te begin optree: ons kan ophou om die skooldebatte te kritiseer en eerder dié geleenthede bywoon en aktief aan die bespreking deelneem. Nuwe voorstelle sal met graagte deur enige taalonderwyseres aanvaar word en opbouende kritiek is welkom.**

**Ek is oortuig daarvan dat die netbal, hokkie, en tenniskapteines my sal ondersteun as ek sê dat ons die slap gees kan teëwerk deur by alle sportsoorte se wedstryde teenwoordig te wees.**

**Deur aan soveel as moontlik skoolaktiwiteite deel te neem, raak 'n mens deel van jou skool en glo my, dit is uiters noodsaaklik! 'n Persoon wat ongelukkig is op skool en ontevrede is met haar omstandighede, sal ook op universiteit ongelukkig wees en in die verdere lewe ook.**

**Verder wil hierdie Stroom-Op ook die blik werp op die toestand waarin Suid-Afrika en die hele Weste hom tans bevind. Ons wil tot die wortel deurdring van die negatiewe gees wat daar heers in die stryd teen die kommunisme en hoop om sodoende nuwe idealisme aan te wakker by ons jeug.**

**Redaksie.**

**LEES BINNE!**


| | |
|---|---|
| PERMISSIWITEIT | BL. 3 |
| WEET JY DAT? | BL. 5 |
| WAAR OF VALS | BL. 7 |


*Toiings Restaurant*

*vir die beste en lekkerste*


**BOEREKOS**

*in Pretoria*

**Beleggingssentrum Nieuw-Muckleneuk**

**Tel. 78-5259**

# YOU AND I



**I hope** it rains. . . I'll walk in it and get soaked.
The day is filled with exquisite beauty,
surging in from all directions
I see with new eyes
Hear with childlike ears and
my heart is full of joy and wonder.
My only sadness comes from knowing what
has been lost, the precious time
which passed while I was asleep,
but even this is washed away
by the richness of now and the promise of tomorrow.
I hope it rains.
I want to shout it in the streets.
Wake up! life is here! live it!
Listen to the music
The rhapsody, the symphony,
that surrounds you.
Yet each must find it,
in his or her own way, in their own time.
I like myself because of you.
What is old? Cold is old, a lie is old
Hunger is old, – pain is old.
What is young? The truth is young – love is young. The sun is young.
What mark will I leave behind?
How will any-one ever know I've been here?
What sign will tell the future traveler,
that I existed?
Shall I carve it on a door.
"I am here! Today. . . I exist"
I believe the deepest impression is made,
in those moments when
I can say, I care, I love you.

**Jongie.**

## SKOMMELING VAN DIE BREINSELLE

**Gegee:** Skeinat-huiswerk. Gaan doen die eksperiment om vas te stel of rooi kwikoksied ontbind in kwik plus suurstof as dit verhit word. Skryf ook die gevolg neer.

**Onthou:**

(i) Kwik wat op 'n vloeroppervlakte geval het, verdwyn gou-gou en het 'n eienaardige gevolg.

(ii) Sommige vloeistowwe prikkel die neusvliese en veroorsaak verskeie versteurings.

**Waarskuwing:** Jy mag nie sonder 'n bewys by die skool opdaag om aan te toon dat jy wel die eksperiment probeer het nie.

Tuis het ek myself eerstens weerbaar gemaak deur my broer se judopak aan te trek sowel as my ma se tuinhandskoene. Op my kop het terselfdertyd my swempet beland en in die hoek is die waterbottel geplaas. Tweedens het ek soos 'n wafferse skeikundige begin eksperimenteer.

Ek het die proefbuis met die kwikoksied stewig met met die draadtang (ek het nie 'n knyptang gehad nie) oor die brander gehou. Na tien minute het daar 'n reaksie ingetree en my konsentrasie- en innemingsvermoë het by elke sekonde gestyg omdat my eksperiment sover so geslaagd was. Die rooi kwikoksied het geleidelik in blink kwik en suurstof ontbind en so beïndruk was ek, dat ek myself eendag as 'n skeikundige in 'n laboratorium gesien het. Met al my denkery het my hand stadig maar seker na die warm proefbuis beweeg en 'n halfminuut later was daar 'n geweldige reaksie met baie pynlike gevolge. Die tang het soos seep gegly, en op my voet beland, terwyl die proefbuis aan flenters geval het en die kwikdruppels die een na die ander verdwyn het. Die judopak het vlam gevat, en soos 'n besetene het ek die waterbottel op my omgekeer, maar dit was die laaste strooitjie. Verkoue het my met al tien sy gulsige vingers vasgegryp en toe het skok ingetree. Soos dit egter betaamlik is vir 'n goeie skeikundige, het ek my waarneming en gevolg duidelik uiteengesit.

## WAARNEMING

**Waarneming:** Die kwikoksied het ontbind in kwik en suurstof, maar die kwik het verdwyn nadat dit geval het en ek weet nie waarheen die suurstof verdwyn het nie. Dit is egter baie moontlik dat ek dit ingeasem het. 'n Draadtang kan nogal hard val.

## GEVOLG

**Gevolg:** 'n Mens kan verkoue opdoen deur te eksperimenteer. Ek het nog my haredos, maar dit is nou egter sinteties van aard (kwik laat 'n mens dus bles word). Tange wat val veroorsaak 'n swelsel, wat eers rooi, dan blou en uiteindelik pers word, met ander woorde, tange ver-oorsaak 'n ernstige kneuswond.

L.W.Skeinat-eksperimente veroorsaak 'n versteuring van die normale gang van 'n skoolgaande kind se brein en moet dus liewers vermy word. Vermy dus alle huiswerk, want watter vreeslike reaksie sal intree as ons so baie moet dink.


**Geëksperimenteerde**

**Hydrargyrum 9C**

## DANKIE

Dankie Heer
Dat U hom oor my pad gestuur het.
Dankie dat U geweet het hy sal verstaan
as ek verlang as die dag sterf
en die wind deur my hare waai
as die weerlig deur die lug bokspring
en 'n glimlag my laat sing
Dankie Here, dat U ons bymekaar gebring het
Dat U, U hand steeds oor ons hou
Dankie Heer – vir hom.

**Riana Steynberg**




### Oomblik

**Hy het** 'n oomblik stilgestaan op die drumpel van die lewe – 'n oomblik van pyn, van hartgrondige begeertes en nie-verstaan.
En daardie oomblik in sy lewe was dié van mensword. . . Hy was 'n dromer – en in sy droom-land het hy die eensaamheid ontmoet, die heerlike wêreld waarin hy koning was en sy syne. En hy het haar met haar vonkelbruin oë en swart hare Delé Decedica genoem. En vir hom het sy bestaan, was sy die Godgegewe Anima van sy siel. Hy het haar geken, die skoonheid van haar jeug, die diep verlange in sy siel dat sy tog moet bestaan en syne moes wees!

Oor die sonbeligte velde van sy droomland, deur die wiegende waters van Eensaamheidsdroom het hy haar gevolg soos sy voor hom uitgevlug het. En sy het gelok en soms gaan staan en vir hom gewink. Voordat hy by haar kon kom het hy die hoonlag gehoor: "Jy het maar net gedroom, gedroom! Was dit die wil van Een groter as die Liefde, van Een meer as Geluk, dat daar uit sy roue wese meer geput moes word as wat dit ooit kan gee? En dan was die daeraad donker in die dale van sy droomland, donker in die diepste dieptes van sy siel. Hy was altyd op soek na daardie Anima van sy siel. Toe het hy haar ontmeot. En die werklikheid was soos 'n droom, soos die teerste droom en omdat hy 'n idealis was, het hy haar Gló Delentia genoem, het sy so in hom weerklank gevind. . .

Die aand was stil en vogtig. Die druppels van die vroeëre reën het nou weer soos diamante geskitter in die strale van die maan wat weereens soos 'n reuse illusie van goud op die einders geglim het. Die kriekekoor het sopraan gesing; 'n paddatjie het sy bassangers gelei; die vuurvliegies was lanterndraers. Sy was 'n godin. . . en hy was 'n mens!


Dit was stil toe hy haar in sy arms geneem het. Iewers in sy siel het Gemeensaamheid 'n liedjie van Nimmervergeet gekabbel. En in sy siel was die warm wete van lewe, sodat hy sy God moes dank oor sy nuwe menswees en die wete in hom dat Delé Decedica 'n droom moes wees sodat Gló Delentia as werklikheid daaruit gebore kon word. . .

**Swakkie.**

**Ondersteun ons Adverteerders**




„Gaan Barclays ons soos kinders behandel?"



Jou skooldae is amper verby.
Wat dan? Universiteit, 'n loopbaan?
As jy dit oorweeg om verder te gaan studeer, gaan jy dalk geld nodig hê. Barclays bied studente laekoste-lenings.
As jy direk gaan begin werk, sal ons graag met jou wil gesels oor die beste manier waarop jy jou geldsake kan hanteer.
'n Barclays-spaarrekening lewer goeie rente; 'n tjekrekening maak die lewe vir jou makliker.
En wanneer jy met ons kom gesels, sal ons jou sommer ook vertel van die loopbaanmoontlikhede by Barclays self.
Besoek gerus jou plaaslike tak – as jy volwasse wil wees oor geld.
(Geregistreerde Handelsbank)

Professionele hulp bly steeds die beste.
BARCLAYS

JWT 2591/3/A

**STROOM-OP, DIE BLAD VAN DIE LEERLINGE**

Stroom-op moet die mondstuk wees van die seuns en dogters van ons twee skole. Daarin moet julle jul standpunte stel ten opsigte van enige saak. Daarin kan julle enige artikel adverteer wat van die hand gesit moet word, teen geen koste hoegenaamd nie. Is dit nie 'n gulde geleentheid nie?

Ons almal kan deel hê aan Stroom-op Van die kleinste sessie tot die grootste en langste MATRIEK. As jy iets of iemand wil kritiseer, plaas dit op swart en wit, gee dit aan ons met jou naam en ons publiseer dit onder 'n skuilnaam. En as 'n brief eers geplaas is, geniet die skrywer volle geheimhouding van sy identiteit.

Wat betref die gebeure in die skoollewe: as 10c op 'n dag die skool kan afbreek sal die res van die wêreld graag wil lees hoe en waarom hierdie sukses bereik kon word. Enige flater van die onderwysers se kant af moet gerug gemaak word – ons mag nie ons ou maats in onkunde hou oor wat hulle raak nie. Dit is die kans om jou sê te sê, skryf dit.




# FORUM '76

## Permissiwiteit

**Permissiwiteit** onder die jeug. . . uiters aktueel in ons dag. Wat is permissiwiteit? Dit 'n baie wye begrip waarvan ek die kern in die volgende definisie wil saamvat: Dit is die verabsolutering van die vryheid van die individu tot dié punt dat alle norme van godsdiens of sedelikheid oorboord gegooi word. Dit kom daarop neer dat die permissiewe gedagterigting alles wil duld ten einde geen inbreuk te maak op die vryheid van die individu nie. Permissiwiteit is dus liberalisme tot sy logiese en uiterste konsekwensies deurgevoer.

So 'n vryheid. . . word uiteindelik willekeur en lei tot 'n losbandigheid wat vir die ander (mens) 'n bedreiging vorm. Alhoewel nie te skei nie, kan ons permissiwiteit onderskei op o.a. die ideologiese-, morele-, politieke-, godsdienstige-, literêre-, en kunsgebied. Word die jeug deur permissiwiteit lamgelê of is hy nog in staat om altyd vir homself 'n duidelike toekomsbeeld voor te hou? Karl Marx het gesê: "Die beste strategie tydens oorlog is om die finale geregshandelinge uit te stel totdat die sedelike agteruitgang van die vyand die doodslag sowel moontlik as maklik maak." Marcuse gaan verder en sê dat dit nie die proletariaat is wat die revolusie sal bring nie, maar die ongebondenes, wat die jeug insluit. Dis ons plig om te waak teen hierdie euwel, en om so ons toekoms te verseker.

**Corné Mulder – Redakteur**



# DEURGLASPANELE VAN DIE SKOOLSAAL

**Die tema** is die opvoeding van die mens. Dit simboliseer die voorbereiding vir die lewenstaak. Links waar die jong seun in die Hoërskool begin, staan hy nog op 'n klein takkie van die boom van kennis.

Die uitgangspunt is in die middel: die kerk, die Bybel en die lig wat uitstraal na alle bedrywighede aan weerskante vir inspirasie en leiding deur die lewe, – na ons leuse: LAAT DAAR LIG WEES!

Eerstens sien hy die voetbalspelers, dan volg die brug en kamrod vir die ingenieurswese. Die veerpen, palet, boek en Clis, die muse van die geskiedenis, simboliseer sy kulturele opvoeding. Die tekenhaak en geboue dwarsoor op die agtergrond illustreer die werk van die argitek en versinnebeeld die bouwerk aan die mens se gees. Die eerste paneel regs illustreer in die lier: die musiek; in die sirkel, vierkant en driehoek die Wiskunde; in die mikroskoop die Wetenskap. Oor alles troon die volwasse man – maar nog steeds student.

Die volgende twee panele illustreer die onderwyser in sy belangrike taak om mense met stamina vir die lewensmarathon voor te berei. Bo-oor flits die radiogolwe wat die kennis versprei. Ten slotte, hoewel net so belangrik: die hamer en skaaf vir die handearbeid; maar ook simboliseer hulle die hamer en skaafwerk wat aan die karaktervorming gedoen word. Laastens, die ou man in sy lewenskerming: sy kersie uitgebrand tot die blakerblik, bly hy nog student en weet dat die vrese van die Here die beginsel van alle wysheid is.

TELEFOON: 2-0884
Tel. Ad.: GUNFIRE

POSBUS 102
310 KERKSTR.-OOS

GROENEVELD EN HICKS

(EDMS.) BPK.

HANDELAARS IN WAPENS, AMMUNISIE EN VISGEREEDSKAP

IS VISVANG EN SKIET U LEWE?

KOM DAN NA GROENEVELD EN HICKS (EDMS.) BPK. VIR DESKUNDIGE FLINKE EN VRIENDELIKE DIENS TEN ALLE TYE.

ONS SPESIALISEER IN:

- NUUTSTE GEWERE EN AMMUNISIE
- VISGEREI VIR DIE KIESKEURIGE HENGELAAR
- EN REPARASIES WAT DEUR DESKUNDIGES WAARGE= NEEM WORD.

AS U 'N BUITELUG MAN IS HOU ONS DAN IN GEDAGTE

# BRIEWE

## ONS STERRE?

*Geagte Redakteur,*

*Ek skryf net aan u om my dank te betuig vir die goeie samewerking wat ek van u skool ontvang het. Dit is nie elke dag dat 'n mens 'n skool met soveel idees en geleenthede raakloop nie. U mag nou wel nie mooi begryp waarop ek afstuur nie; maar as ek u vertel sal u verstom staan, oor u onopletendheid.*

*Soos u weet is die filmbedryf 'n kompeterende besigheid. Daar moet gedurig nuwe rolprente gemaak word om ander rolprentmakers 'n bietjie kompetisie te gee. Om egter voltyds rolprente te maak moet daar 'n draaiboekskrywer wees wat voltyds besig is. Maar om voltyds besig te wees moet die draaiboekskrywer goed kan waarneem en dan moet hy sy verbeelding gebruik en 'n verhaal skryf. Hierin het u skool baie gehelp.*

*Ons draaiboekskrywer het fyn waargeneem en nadat 'n krisis in die kunsklas uitgebreek het en die kunstenaars toe vir geruime tyd van die onderwyseres se keteltjie, vir water afhanklik was, het hy begin skryf. Nie honderd jaar later nie is daar begin met die verfilming van "The Desert Song." Dit is 'n uiters tragiese verhaal, oor die lief en leed van 'n kunstenaar in die woestyn wat met poeierverf die hoogste sport in skilderkuns wou bereik.*

*So het die rolprent "Five Man Army" ook na vore getree nadat 'n paneel van vyf onderwysers in u skool aangestel is om die orde in sekere opsigte te handhaaf.*

*Die suksesvolste rolprent het egter in die laaste paar maande van 1974 die lig gesien, nadat 'n paar 'geslaagde' etenskap proewe deur 'n oud-onderwyser in die laboratorium uitgevoer is. Die rolprent se naam, terloops, is "Earthquake". Ek noem dan ook graag dat die klankbaan sommer ook daar in die laboratorium vervaardig is.*

*Daar is ook 'n rolprent "Footprints on the water" vervaardig toe u swembad se filtreerder op 'n dag buite werking was.*

*Twee onderwysers in u skool het ook in twee latere rolprente die hoofrolle vertolk. Een van hulle doseer Afrikaans en het in die rolprent "Liefste Meneertjie" skitterende spel gelewer. Dit is die verhaal van 'n melkboer en sy stryd om voortbestaan in die groot wêreld waarin hy leef.*

*Die ander rolprent handel oor 'n goedige ou meester wat geen kwaad in enige iemand gesien het nie, en staan bekend as "Never mind the quality feel the width".*

*Dit is al rolprent wat voltooi is, maar as my oë so oor my lessenaar dwaal sien ek 'n paar belowende draaiboeke. Een wat spesifiek my oog vang, dra die opskrif, "The Frogs".*

## BESLIS!

*Geagte Redakteur,*

*Ek wil net graag 3 voorstele aan die skool doen wat tot voordeel sal strek van menige. Eerstens van mindere belang wil ek graag voorstel dat die skool sproeiers by die tennis bane sal op sit of die rugbyveld se ligte op die bane te skyn nie net een lig nie, maar twee of so nou ook darem nie almal nie, maar so dat iemand darem daar kan speel in die aand. Tweede maar nie die minste nie om die ou bane se Muur 'n nuwe blad te gooi dat 'n mens 'n bietjie daar kan speel. Laastens wil ek graag hê dat die Hans st 6se 'n bietjie tugkomitee toe sal gaan want hulle ruk hand uit en die st 10 leerlinge doen niks daaromtrent nie. Toe ek in st 6 was, was ek dikwels daar net omdat ek met 'n st 7 hans was en sederdien weet ek waar ek staan.*

*Die Edele*

**Silent But Violent**

*(Ek hoop daar word iets gedoen)*

## Die Jeug?

*Opgedra aan:* **Die Beskermdes**

ONS OUERS en ander volwassenes, wat vandag kla oor die "jeug" se negatiewe gees, houding, kleredrag, ens., was *± 30 jr. gelede die "jeug" van daardie tyd.*

*Toe het hul ouers hulle betig oor hul houding, kleredrag, en ander bg. dinge. So gaan dit al vir eeue aan in die ontwikkeling van die menslike beskawing.*

*Ons moet ons nie te veel bekommer oor dié algemenene dinge waaroor daar gekla word nie, want môre is ons die volwassenes wat kla oor die "jeug".*

*Ons moet egter deeglik bewus wees van die omstandighede waarin ons leef en nie dink ons kan vir altyd aangaan om die lewe te geniet as die beskermde, onverantwoordelike deel van die volk nie dié deel wat nie juis belang het by landsake nie, en ook geen rede het om hul daaroor te bekommer nie.*

*Môre is ons dié deel waarop al die verantwoordelikheid rus, asook die deel wat moet beskerm en opvoed.*

**Stroom-af, St.8**

## HOKKIE ASB!

Geagte Redakteur:

Volgens my mening is die tyd nou ryp om nog 'n sport, naamlik hokkie, by ons skool in te stel. Die hokkiewedstryd tydens die Boeresportbyeenkoms het aan die ouens duidelik gewys hoe lekker dit is om hokkie te speel. Terwyl die gees nog hoog loop vir die spel, ag ek die tyd ryp vir die instelling van die sport hokkie.

By voorbaat dank

Die uwe,

**Pro-Hokkie**

# AFFIENA-POTPOURIE

**DIE AKADEMIESE AFFIE OPGEDRA AAN: SOMMIGE MATRIEKS**

**Die meeste van hulle se liggaamlike krag neem af terwyl verstand van krag tot krag gaan. Twee groot oë is diep weg gesak in ronde oogkaste met swaar donker kringe om die oë wat getuig van laat nagte se swoeg en sweet.**

**Haar onder bene kan mens gewoonlik deur 'n armband trek en haar bo-bene deur 'n ring. Sonder 'n boek in die linkerhand, is hierdie hand heeltemal hulpeloos en haar regterhand kan niks anders as 'n pen behoorlik vashou nie.**

**Hoe nader die eksamen kom, hoe dieper sit die bekommerde frons tussen haar oë en sommige van hulle kry senuweeineenstortings voor die Wiskundevraestel, ander hou weer bonormaal kop!**

**DIE SPORTIEWE AFFIE OPGEDRA AAN: KWADRAAT, LUCAS EN KOBIE**

Sy is versot op atletiek en swem gedurende die somer, speel hokkie en tennis in die winter en doen landloop gedurende die jaar omfiks te bly. Perdry is haar lewe en oor skole sowel as internasionale rugby is sy mal! ,Sy draf die seuns natuurlik kaf met met krieket en sokker.'

Haar dieët vir 'n liggaam in perfekte kondisie sien so daar uit: Behalwe vleis en groente leef sy op PRO-NUTRO EN "SUSTAGEN". Kalsuimpille eet sy natuurlik soos "smarties" en suig glukosetablette om meer energie te kry. Oor skoolwerk is sy natuurlik minder gepla en haar ideaal is SPringbokkleure.

**DIE BOHEEMS-MODERNE AFFIE OPGEDRA AAN: LIZZIE**

In die laaste tyd is hierdie soort Affie nogal baie volop. Mens kan hulle eintlik beter op straat uitken want al wat hulle dra is :cheesecloth" en 'n lang kleed met en of ander vormlose ontwerp. Sonder 'n kopdoek voel hulle koppe kaal en sonder stringe en stringe om die nek en hippie-toonskoene of klompe is hulle verlore.

In hulle oë is daar so 'n verafuitdrukking as hulle na Joan Baez se musiek luister en die gewone popmusiek verveel hulle. Hulle is in elk geval baie beter as die deursnee mens in drama en hulle het groot waardering vir die filosofieë oor die skone kunste.

**"HIPER-MODERNE AFFIE OPGEDRA AAN: SOMMIGE ST9'S**

Nou ja, van hulle is daar seker die meeste in Affieland. Denim is hulle voorland en denim is hulle agterland. Hulle musiekkeuse is natuurlik! "Die nuutste" en naure wedywer hulle om te sien wie kan die geurig"lig'-glass" en waterdigste maskara aan hê! Sy kan, net soos die verliefde Affie dit vreeslik waardeer as 'n ou vir haar rooi rose, angeliere of geel affodille gee.

Onder hierdie katogorie resorteer die dieët-Affie natuurlik ook want waar sien jy nou 'n moderne Affie wat nie op dieët is nie?

**MOEDERLIKE AFFIE OPGEDRA AAN: NOEKIE**

Daar is ongeveer een per klas in Affies en sy is net die een waarop jy jou hart kan gaan uithaal na 'n liefdesteleurstelling. Sy verstaan al die probleme altyd só goed, kan ook nie anders nie want sy reël gewoonlik die eerste afspraak of gee aanleiding daartoe.

Sy mag dalk soms optree as 'n mannehater maar haar hartjie is groot soos 'n nikkerbal en moenie dink sy het geen held nie! Geen ander siel behalwe sy-self weet wie dit is nie en sy geniet dit, of voel verlee as almal dan aan haar torring om te weet Wie dit is!

Daar is natuurlik nog baie ander tipes soos, bv. die gebalanseerde Affie wat danksy haar goeie invloed sorg dat die lewe normaal verloop in Affieland.

**Fearika Botha**



**"SOET-AFFIE"**

**GIVE 'N TAKE BOOK EXCHANGE**
LATEST IN NEW PAPERBACKS
**25 KINGSLEYS CNR/BEATRIX & CHURCH STRS.**

**NUUT!!**
**PETIT FOIS**
*VIR DIE BESTE DROE VRUGTE & GEURIGSTE KOFFIE*
**KINGSLEYS H/v. BEATRIX & PRETORIUSSTR.**

**Elsabé van der Westhuizen 9E**

die op-en-af patroontjie van die lewe
my liefde is soos die op-af-op-af-op-af
patroontjie van 'n graad-eentjie en soos die
oppies en affies en oppies en affies nie ewe
op en af, op en af
is nie
so is my lewe en liefde
ook nie ewe
op en af en op en af nie
leer mens soos 'n kind
om ook eendag jou
oppies en affies en oppies en affies
ewe hoog en ewe lank te maak
om later 'n reguit lyn, opwaarts te vorm?
Maar
is ek seker
of ek
so heeltemale lyn wil
'n reguit grafie hê
waar x=y. . .?

**MEGANIES DIE UWE**

My liefste Izabella,


Oor jou dreun my hart soos 'n kar waarvan die „bearings knock". Die liefdesdrome vloei deur my soos water deur 'n ou „radiator". met jou vaartbelynde liggaamsbou soos 'n „1940 Oldsmobile" het jy 'n nasionale pad deur my binneste gejaag.

My hart is „gepuncture", en slegs met die „solution" van jou liefde kan dit weer „gepatch" word. As ek so na jou kyk, klop my hart in die hoogste versnelling. Gee my tog net die jawoord, dan „reverse" ek tot in jou arms. Moet tog nie dat jou liefde vir my so maklik in „low-gear" hardloop nie. As jy my nou in die steek laat, sal ek sommer koers kry met Super Caltex.

Ag, draai tog die „steering" van jou liefde in my „direction" want sonder jou is my hele lewe 'n „breakdown." As jy naby my kom, klim die naald van my „speedometer" en my „plugs" „spark" weer met nuwe vuur.

**Jou oliebesmeerde garage-engel, Mercedes-Benz.**

# WELKOM AAN 'N NUWE LEIER!!



**Julius Ceasar het sommer een Saterdag oggend sy opwagting ge maak, met 'n blou strik om sy nek en so stil dat daar nie eers 'n verslaggewer was om te verneem of hy 'n aangename reis gehad het en hoe hy oor sy nuwe omgewing voel nie.**

'n Paar dae later het hy egter oor al wat 'n blou ketting is gespring en alles eers mooi bekyk voordat hy stappe geneem het teen sy onprivate lewe en lastige bure.

Ons wil ons nuwe leier alles van die beste toewens en ons hoop hy volg sy voorganger op met die nodige respek en eerbied wat die ontslape legende van Simba toekom!

**Onnie Sêgoed:**

1. Dit is mooi so dit is goed so en dit hoort so.
2. E,. . .m. . .ugh. . .e. . .kollegas, ons. . .eh. . .ja. . .pshh. . .
3. Stappaan!! Stappaan.
4. Kô hier, ou kat, jou skurweteit, ek vieg vi' jou!
5. O! en julle sal nie weer huiswerk doen in die Bybelperiode nie!
6. Oh Shuttup! What is wrong with you again!
7. Ou kassie, positief wees hoor!
8. Ja my lammetjies, dis vandag heeldag die 27ste
9. O ek beoog baie dinge, maar dissipline, dis wat ons reg hou!
10. Stap boetas, ek neuk vir julle!
11. Jou secô:dhâ:d, spee jy voe' bol?!!
12. Jou shkaapvel, Kom hier!
13. Lyster manne, die eerste span oefen vermiddag om. . .
14. Rockspaaiders!!
15. Heyyy!!!! IS julle nog wakker!!
16. Ai die wiskunde darem magtag so maklik!!
17. Moet'k vi'jou shock hê, hey kat!!
18. Sit nou so regop soos 'n emmertjie vlieë op 'n worshond se rug!
19. Goed, goed, goed, sit maar. Gesels kêrels, gesels!
20. En seuns, dis nou nie net lippetaal nie!

**9E.**



**"ONNUTSIGE-AFFIE"**



**"SNOEP-AFFIE"**

# KOM ONS DEBATTEER

**"Dankie vir die verskeidenheidskonsert" sê hy vir haar. "Dit was so 'n bietjie vervelig maar meisies kan nie redeneer nie, ek weet."**
**Nou ja, ek is nie 'n voorstander van die Vroue Vryheidsbeweging nie, allermins, maar dit is regtig nou tyd om voet neer te sit en aan te dring op die spreekwoordelike winde van verandering.**

Onder die vaandel van 'debat' dra vier spreeksters hulle goeddeurdagte toesprake voor. Onder die bekwame leiding van Pappa, Professor Doktor Watsenaam lewer elkeen 'n briljante individuele poging. Jammer tog dat die spreeksters by mekaar verby praat en nog jammerder dat hulle geen kontak het met die gehoor nie, 'n baie verveelde gehoor wat gestewel en gespoor in die koue saal sit en wens dat die aand verbygaan. Want wie wil nou luister na die paar versigtig gekose spreeksters (altyd dieselfde, betroubare paar) wat oor akademiese verskilpunte (soms onmoontlik ver verwyder van die ervaringsveld van die hedendaagse tiener, probeer redeneer.) Nog 'n baie verfynde, baie smaakvolle debat misluk jammerlik.

Hoekom word die gewone Affie nie betrek by die debat nie? Dit is mos óns debat, al dan nie? Hoekom kies ons nie besprekingspunte wat ons, die Affies, interesseer en prikkel nie. Ons vra geen dramatiese ommeswaai nie, ons verwerp nie die begrip "smaakvol" nie! Ons vra net 'n kans om te bewys dat ons die "verskeidenheidskonsert" in 'n debat kan verander en die debat óns s'n kan maak. Ons wil wegbreek van die stywenekdebat, só goed georganiseer deur die voorsitter, die prefekte en die betrokke onderwyseresse en die tradisionele debat verander in 'n aktuele en lewendige informele bespreking waarin ons genoeg belangstel sal wees om dit by te woon!

**Lianda Beyers.**

**Red** – Moet "akademiese verskilpunte" noodwendig ver verwyder wees van die ervaringsveld van die hedendaagse tiener? Is die doel van 'n debat dan nie juis om die intellek te prikkel nie en om ernstig te redeneer oor groter en belangriker dinge as net die ewige "koeitjies en kalfies"?


So gepraat van die betroubare paar sprekers en die onderwyseresse wat alles reël: waar is al die entoesiastiese debatsvoerders en aktualiteitsdeskundiges wanneer 'n debatsvergadering (vir alle belangstellendes) belê word?

Ons glo nie die fout lê by die reëlingskomitees van die debatte nie, maar by die toeskouers wat maar altyd op die kantlyn bly staan en wie se enigste belang by die debat, die modeuitrusting is waarmee sy haar vriend wil beïndruk.

Kortom, die stelling dat meisies nie kan redeneer nie, is nie so ver van die waarheid af nie. Ons is mos te bang dat ons die mans sal afskrik wanneer ons blyke toon van intellektuele vermoëns.

# ENGELSE DEBATSVERSLAG

EERSTE EN TWEEDE TERMYN SE VERSLAG



A.H.M. EN A.H.S. se Engelse Debatskommitee het verlede trimester geskiedenis gemaak: ons het die eerste gekombineerde debat tussen die twee Affieskole gehou. Dit het in die meisieskool se saal plaasgevind en Michael van der Nest en Liezie Reyneke het opgetree as voorsitter en voorsitster. Nog nooit het die twee skole so lekker saam gelag en "Just a minute" gespeel nie! Mnr. Jellie en Mej. Hönck verdien alle toejuiging, veral met hul bydrae in "Just a minute". Ons hoop ons kan spoedig weer so 'n genotvolle aand hou, maar dié keer by die seunskool.

Die matrieks se "Evening of words and music" was 'n afwyking van ons normalle vorm van debat. Ons het slegs items gehad, soos "The Selfish Giant", "Tarantella", "La Miseria", "Spanish Dance" asook pragtige dansitems soos "The Snow Goose" en Hildy se dans 'n moderne idioom. Dit was 'n genoeglike aand en alles het vlot verloop. Die matrieks het weer eens 'n sukses van hul debat gemaak.

Wat die standerd 9's se Engelse debat van hierdie termyn betref, kan 'n mens net sê dit was fantasties! Dit het op Vrydagaand, 2 Julie plaasgevind. Die toesprake en items het glad nie op die verhoog plaasgevind nie, maar wel vanaf die saal se vloer. Die tema was: "Being a gentleman is a thing of the past" Dit was wel bewys: die meisies het op die vloer gesit terwyl die die seuns ongemaklik op hul stoele rondgeskuif het. Die toesprake was treffend en die items soos "Romeo and Juliet", "The revival of the chivalrous gentleman" was uitstekend gedoen. Die Affie weergawe van "Shane" was selfs beter as "The Knicky Knacky Knoo SHow" s'n en die beste is dat 'n Affie dit geskryf het. Ongelukkig was daar 'n paar probleme met die afkondigings. Niemand kon Liezie hoor afkondig wie se item volgende aan die beurt wás nie. Jammer, hoor! Die uitslag was: "Gentlemen are still chivalrous!???

Ons wil almal bedank wat hierdie debatte so suksesvol gemaak het en ons is seker volgende trimester s'n sal net so goed wees!

**Ann Olivier**

# THE TEMPEST

Mej. Holtzhausen:
"Most sure the goddess, on whom these airs attend."
Mev. Pienaar:
"Hang cur hang, you insolant noise maker."
Mej. May von Langendu:
"It is a sleepy language, and thou speak'st out of thy sleep. What is it hou dids't say?"
Mev. Senekal:
"Woulds't gabble like a thing most brutish"
Mev. Burger:
"She receives comfort like cold porridge"
MATRIEK AFFIE:
"Be merry, you have cause – so have we all – of joy; for our escape is much beyond our loss."
Mev Schoeman:
"Behold this maid"
Mev. Boardman:
"Oray, sit down and rest you"
SESSIE:
"With hair up-standing – then like reeds not hair."
St. 9:
"Freckled whelps hag-born – not honourd' with a human shape."
. Mev. Bierman:
"My zenith doth depend upon a most auspidous star"
Mev. v.d. Heever:
"What impossible matter will (s)he make easy next?"
Mev. Dorey:
"Thy groans did make wolves howl, and penetrate the breasts of ever-angry bears"
"My lord, it shall be done"
Mev. Wasserman:
"And look how well my garments sit upon me"
Mej. Steyn:
"I, thus neglecting worldly ends. . ."
Mej. Muller,
". . . but innocent and pure"
Mev. de Wet:
"Good, yet remember whom thou hast aboard"
Mev. Buys:
"O I have suffered with those that I saw suffer!"
Mev. de Vos:
"I pray thee, mark me. Dost thou attend me?"
Mej. Hönck:
"Dull thing, I say so. Thou earth, thou, speak!"
Mej. Bouwer:
"I must uneasy make, lest too light winning makes the prize light"
Mej. Swart:
". . . Who never yields us kind answer. . ."
Mej. Bothma:
"We are less afraid to be drowned than thou art!"
JULIUS CAESAR (Simba II):
"Four legs and two (?) voices, a most delicate monster"
Mev. van Graan:
"Twas a sweet marriage"
Mev. van Schalkwyk:
"What, all so soon asleep"
KOSHUISMATRONE:
"You rub the sore when you shoud bring the plaster"
SIEKEKAMER:
"Misery acquaints man with strange bedfellows"
AFFIELAND:
"Hell is empty, and all the devils are here!!"

## BELANGSTELLING IN DEBATTE


Hoekom word die gewone Affie nie by die debat betrek nie? Omdat die gewone Affie nie betrek wil word nie. almal wat in die debat belangstel, uitgenooi is. Behalwe vir die St9-lid van die Engelse debats bestuur, het daar presies een Affie opgedaag.

Dit is juis omdat daar elke keer van nuwe, onervare spreeksters gebruik gemaak word, dat die kontak met die gehoor swak mag wees.

Waar is die entoesiastiese Affies wat die debat hulle eie wil maak wanneer dit by die vloerbespreking kom?

Waarom stig ons nie 'n debatsvereeniging vir almal wat werklik daarin belangstel om te debatteer nie? Hulle kan op weeksmiddae vergader om te argumenteer as sake waarin hulle belangstel. Die ure wat deur oefeninge vir items op Vrydagaande in beslag geneem word, kan dan nuttiger bestee word deur bv. te oefen vir 'n operette of iets soortgelyks, sodat die leerlinge se talente nie onder die dekmantel van 'n debat in die vorm van 'n verskeidenheidskonsert na vore hoef te kom nie.

Enige opbouende i-iek en positiewe voorstelle is egter altyd welkom omdat dit die gehalte van die debatte sal verhoog.



*Ons gas van Girl's High – Sonja.*

## Bietjie praat, baie sê

**Lianda Beyers**

EK IS NOU nie 'n kritikus nie, hoogstens net krities, maar ek moet sê dat die letterkunde in ons skool absoluut, maar absoluut beroerd is; veral die "letterkundige" bydraes wat in ons Stroom-Op verskyn. Eintlik is ek dalk onnodig krities want die arme kinders wat wel gedigte ens. instuur probeer ook maar hulle bes. Foeitog, is daar nie ander wat ook kan skryf nie? 'n Hele skool en nie een het poëtiese *aanleg* nie! *Ek glo dit nie* en die enigste verklaring wat ek kan gee is dat die meeste te skaam is om op letterkundige gebied enige bydraes te gee want wát gaan die ander sê. . .?! Nou goed, ek dink ook dat Stroom-Op ons mondstuk is – nie 'n mini-jaarblad nie!

Hoekom gaan ons dan voort om 'n bladsy in Stroom-Op af te staan aan letterkunde as niemand dit lees nie (ek meen niemand kwalik nie; ek voel elke keer my hare rys as ék dit lees)! Kom ons beperk dan maar ons letterkunde tot die jaarblad en ás ons 'n gedig skryf; laat ons dit maar Komies hou! Asseblief, bly weg van die ernstige stukke; dit kan so maklik na 'n soetsappige tweede handse versie uit 'n Sondagskoolhankdboek lyk.

**– Hoekom het ons geen letterkundige bydraes van jou gekry hierdie trimester nie? – Red.**

## WEET JY DAT:

1) Britse albastermakers tot 1,-000,000,000 albasters jaarliks uitvoer?
2) die grootste pêrel wat ooit gevind is 6 Kilogram geweeg het?
3) net twee van die wêreld se 26 hoogste berge al bestyg is?
4) van alle gesnyde diamante in die wêreld daar nie twee van presies dieselfde vorm is nie?
5) 'n persoon se bloed 105 miljoen Kilometer per dag vloei?
6) Napoleon reeds 170 jaar gelede kos in bottels bewaar het?
7) 'n Spons die geraamte van 'n seedier is?
8) daar jaarliks sowat 30 000 aardskuddings plaasvind?
9) die lug blou is vanweë die fyn stofdeeltjies wat daarin voorkom?

*Welkom terug!!*

**Gertie Sacks Modes**

Brooklyn se toonaangewende Modehuis vir:
Dames modes, Sportdrag, Onderklere, Aanddrag en Skoene
*Gratis parkering*

**Fehrsenstraat 475 Brooklyn Tel. 78-4885**

# SPREEK – DÉTENTE

**Wat Suid-Afrika betref, is die buitelandse en binnelande politieke toneel die afgelope tyd deur die towerwoord détente oorheers.**

Suid-Afrika met sy goud, platinum en ander minerale, verbeeldingryke waterskemas, tegniese vaardigheid en talle werksgeleenthede vir ruilarbeid is in die posisie om die sterk hand van belofte vir stabiliteit en welvaart uit te strek na ander Afrika-lande.

Belangriker egter, is die feit dat realistiese Swart Staatsmanne besig is om deur die deursigtige Rooi Sjinese diplomasie te sien naamlik dat hulp wat oënskynlik renteloos aangebied word eintlik 'n soeke na "Lebensraum" is. Suid-Afrika besef ook goed dat hy die rooi vloedgeolf in Suider Afrika slegs sal kan stuit indien betrokke swart state daartoe meewerk. Suid-Afrika se premier mnr. John Vorster bevind hom in 'n sterk posisie wat min leiers vandag op kan aanspraak maak. Verlede jaar het hy in die Senaat die baan geopen:

"Ek glo dat Suider-Afrika die kruispad bereik het", en sedertdien rustig met onverstroorbare skaakvernuf gebou aan Suid-Afrika se posisie in Afrika, dit terwyl sekere siniese binnelandse kritici die berugte ses maande – blommetjie se blare koorsagtig aftrek!

Die wese van détente veral wat Suid-Afrika betref, is dat uit 'n posisie van krag beweeg word. Twee faktore is van belang naamlik dat die bekende rooi filosofie van vreedsame naasbestaan eintlik ook geweld en oorlog kan insluit, indien dit maar net die doel van kommunistiese wêreldoorheersing dien en verband hou met uitdelging van die Westerse Kapitalisme.

## VREDE

Verder sal ons diplomatieke suksesse die ekstremiste onder ons teenstanders eerder tot sterker (gewapende) optrede teen Suid-Afrika beweeg. Suid-Afrika se Eerste Minister het dit verder ook duidelik gestel dat die alternatief van vrede die eskalasie van geweld sal wees en dat alvorens jong mense se lewens opgeoffer sal moet word in so 'n proses, hy alles in sy vermoë wel doen omvrede te bewerkstellig. Cicero het lank reeds die groot waarheid gespreek. "Die beste manier om vrede te bewaar, is om vir oorlog voor te berei".

## V.V.O.

As Suid-Afrika dan vrede soek, is dit nie 'n hand-wringende kruipery nie, maar as't ware 'n vredesoffensief. 'n Praktiese voorbeeld is die terugroep van S.A. se ambassadeur vanaf die V.V.O. verlede jaar, het om lidmaatskap te behou. Sinlose lidmaadskap in 'n eensydige (pro-Arabiese) organisasie het egter nie sin nie en is nie houdbaar vir selfrespek nie. Maar détente lê ook vlak in die binnelandse politiek. Die Nico Malan-teater is na meriete-oorweging oopgestel maar kort daarna het die druk begin toeneem – "Indien dan in Kaapstad, waarom nie ook. . ."

Politieke figure wat eenvoudig perspektief wil behou kry die wind van voor van nuusmedia en opgeblase openbare gevoel wat so te sê bloed geruik het. Mag die wese van détente ook hier ingedagte gehou word. Die uitgangspunt is om groter inhoud aan selfbeskikking en vreedsame naasbestaan te gee en nie om in 'n emosionele vloedgolf deure oop te wil gooi waar die tyd nog nie ryp is nie.

Ek laat "toegewings" logiese uitvloeisels van beleid en beginsel wees en nie 'n skielike ommekeer en rondtasting na vreemde opvattings nie. Selfrespek vir alle groepe en standpunte moet nog sy regmatige rol speel.

# INTERN: JA of NEE

**Nou wonder ek of julle met my sal saamstem as ek sê dat dit darem maar bitter onregverdig is om sommer stellings te maak in verband met sake waarvan jy niks weet nie. Nie net onregverdig nie maar baie onverantwoordelik ook!**

Ek meen nou, is daar dalk een van julle wat voel dat jy nie hard genoeg werk nie of dat ons skool se standaard nie hoog genoeg is nie. Wel, dit is wat hulle sê; al die ander skole, die skole wat eksterne eksamens skryf en leed vermakering oor hulle neuse na ons kyk as daar so drie of vier van hulle leerlinge op die voorblad van die oggend koerant pryk aan die einde van die jaar as die matriek uitslae bekend gemaak word. Nee, weet hulle te vertel, julle skryf interne eksamen omdat julle te sleg is, (akademies te swak) om eksterne eksamens te kan af lê.

Om die waarheid te sê, ons werk so 'n fraksie harder as hulle, juis om te bewys dat ons al die vertroue wat in ons gestel word waardig is. Lekker is dit nie, ek meen nou maar, die kinders vrees die onderwyseres wat (daarop uit is om hulle so sleg as moontlik te laat doen) en die onderwyseres vrees die kinders wat dalk uit die nuanse in haar stemtoon mag aflei watter vrae op hulle eksamenvraestel verskyn. 'n Bose kringloop dus. Met hierdie probleem het eksterne skole nie te doen nie; die personeel en die kinders is saam verenig in 'n stryd teen die bose eksaminatore.

## *VERTROUE*

As hulle verder gedink het (wat 'n welkome verandering sou gewees het) sou hulle ook kon insien dat dit nie te wyte is aan die barmhartigheid van die Direkteur van Onderwys dat ons interne eksamen skryf nie maarwel aan die felt dat die Departement van Onderwys genoeg vertroue in ons en 'n paar ander gekose skole stel om ons interne eksamens te laat skryf.

## *BOSE KRINGLOOP*

Miskien moet die leedvermakeriges eers die paadjie voor hulle eie deur vee voor hulle kan vinger wys.

Ek kan hulle verseker dat ons werklik nie sit en niks doen nie.

## *SNOBISME?*

Voordat hulle (die sulkes wat ook vasklou aan die mite dat ons snobisties is) weer hulle neuse optrek wil ek hulle net versekere van 'n ou waarheid: "Die hoogste bome vang gewoonlik die meeste wind." Nie dat ons so danig goed is nie; ons werk is.

# EK AS VERKENNER

VERKENNER! Nou is dit jou kans om self dinge te doen. Van jou word verwag dat jy self bereid moet wees om verantwoordelikhede op jou te neem, beslissing te vel; van nou af word van jou verwag om op die voorposte te wees wat betref diens, uitnemendheid, getrouheid, eie oordeel, prestasie, kennis, vaardigheid – almal tekens van jou geesteskrag.

Van jou word verwag dat jy wakker en in staat moet wees om geleenthede raak te sien; vergesigte te sien; die nood en die behoeftes van ander raak te sien, asook die gevare wat jouself, jou kamerade en jou volk bedreig; want dit is die gees van die Verkennerkorps – die gees wat bereid is om met ervaring en kennis, met versigtigheid en met geesdrif vóóruit te beplan. . . immer gereed, immer waaksaam, immer moedig; die gees wat vrees nie ken nie – nòg vir die onbekende, nòg vir die massa, nòg vir die eensaamheid, nòg vir die uitdaginge van die lewe – die gees wat bereid is om leiding op hom te neem waar dit moet.

Dis die Verkennergees wat bereid is om te gee wat die Verkennerlewe vra en wat die lewe sien as die Groot Avontuur wat deurleef wil word.

Wees jy ook 'n Verkenner in die ware sin van die woord!

# *RASSEVRAAGSTUK IN SUID-AFRIKA*

**'n Groot rede vir die Rassevraagstuk in Suid-Afrika, is die verskil in ontwikkeling tussen Blanke en Bantoe. 'n Mens kan wel wonder waaraan hierdie verskil in ontwikkeling toe te skryf is.**

'n Werklike rede vir die Bantoe se stadige ontwikkeling, is sy beleid om negatiewe seleksie toe te pas. Dit kom kortliks daarop neer dat 'n Bantoe wat meer inisiatief sou toon as wat sy stamverband hom sou toelaat, swaar gestraf en self soms doodgemaak is. Die Geskiedenis het bewys dat die Westerling in opstand kom sodra sy intellek of inisiatief onderdruk word. Sou daar by die Bantoe nie soveel intellek of inisiatief wees dat hy daaroor in opstand wil kom nie? 'n Mens kan maar net wonder.

## BESKAWING

Mense sê dikwels die Bantoe is nog so onbeskaafd omdat hy vir eeue in donker Afrika afgesluit was van die Westerse beskawing. Maar waar, wonder ek dan, het die Weste sy beskawing vandaan gekry? Ons lees immers nêrens in die Skrif of Geskiedenis van 'n engel wat aan die Weste kultuur en beskawing uitgedeel het, terwyl veronregte donker Afrika met honger oë moes sit en toekyk nie. Die Weste moes self opstaan uit sy toestand van barbarisme, vir homself kultuur skep en homself ontwikkel tot waar hy vandag is. Intussen het die Bantoe deur al die eeue heen min verander.

## VERMOËNS

Maak 'n mens 'n Wetenskaplike studie van die Bantoe, se vermoeëns, vind jy dat hy praktiese werk baie maklik aangeleer kan word, en dat hy taamlik handvaardig is. Kyk ons egter na sy intellektuele vermoëns, vind ons dat hy nie werklik abstrak kan redeneer nie, en dat dinge soos Wiskunde vir hom taamlik moeilik is. As 'n mens byvoorbeeld vir hom sê dat die muur ses voet hoog is, en ons vra dan vir hom hoe hoog, is die dak bo die muur van die grond af, sal die meeste Bantoes jou sprakeloos aangaap. Uitsonderings is daar natuurlik wel.

Gedurende die vakansie het ek 'n Bantoe gesien met een van hierdie hempies aan waarop 'n mens jou naam laat druk. Op sy hempie staan daar, tot my grootste verbasing in groot bruin letters: "KAFFER"! Kaffer was vir my so mooi soos 'n veldblommetjie. Hy was wild, vry, natuurlik, ongeïnhibeerd en baie swart. As iemand uit die buiteland, wat ons beleid vir aparte rasse-ontwikkeling so streng kritiseer, hom sou sien, sou hulle waarskynlik besef hoe wreed dit is om van die arme kaffer dinge te verwag waarvoor ons Skepper hom eenmaal nie bedoel het nie.


**Hatfield Gimnasium**


Nedbank Forum
Burnettestraat Hatfield

*1) Spesiale tariewe vir skoliere.*
*2) Vroeë oggend klasse.*
*3) Spesiale afslag vir sportsapnne*

Billike tariewe

TEL 74-3568


CORNE EN LYNETTE HET DIE SPASIE GEVUL ↘



*Ann Olivier: – slimkop wat besonder goed gevaar het tydens die Archimedes eksamen.*


**GINSBERG'S**

DIE FAMILIE WINKEL
VIR AL U
BENODIGHEDE

Bronkhorststraat 219 Nu-Muckleneuk
Tel. 78-3211

# BUIS

## IS ONS WEERBAAR?

**Soweto. Ek glo nie dis nodig om enige iets meer te sê nie. Ons almal weet van die onluste. Pandemonium het losgebreek. Polisie-manne aan diens in die onlus gebiede moet drie dae sonder kos bly, met slegs hulle uniforms aan in die snerpende koue. 'n Klompie Wits-student kry 'n heerlike verskoning om nie hulle klasse by te woon nie.**

Laat ons dit nou maar erken: ons was nie voorbereid op dit wat wel gebeur het nie.

Dis net ons geluk dat die swart mense van klippe gebruik gemaak het. Dis ook maar net ons geluk dat die onluste nie beter georganiseerd en gekoördineerd was nie. En vir 'n derde keer kan ek sê dis maar net ons geluk dat hulle hulle vernietingsdrang beperk het tot hulle eie woonbuurtes.

Wat sou gebeur het as die ongekende massa ook hulle wapens opgeneem het teen blanke Suid-Afrika?

Die van julle wat aan die begin van hierdie jaar die Leierskursus bygewoon het, sal onthou dat 'n sekere spreker gesê het hy is heeltemal tevrede dat Suid-Afrika en by uitstek sy jeug heeltemal weerbaar is. Ek wil graag van hom verskil. En ek staaf dit as volg: Gestel die situasie tydens die onluste was van so 'n aard dat alle mans tussen 20 en 30 jaar opgeroep sou word vir diens. Sou die groep wat agter gebly het die land kon beheer vir 'n week of twee? Ek is oortuig ons sou nie kon nie.

Ons kan maar by die kleiner gemeenskap begin: wie van ons ma's sou dadelik 'n brandweerstasie kon gaan beman? Of gaan help in 'n hospitaal met ernstige noodgevalle; of die elektrisiteit, water, telefoondienste, vuilgoedverwydering ens. kon behartig? Of wie van ons sou dit kon doen? Ek is oortuig van my saak as ek sê bitter min.

Ek wonder wat sal gebeur as 15 000 swart mense skielik òp die Afrikaanse Hoër Meisie-skool afstorm en die klaskamers met klippe bestook. Ek sal julle sê wat sal gebeur: paniek in sy ergste graad sal ontstaan!

### CHRISTELIKE

Ons moet miskien ophou om te roem daarop dat ons die uitverkore Christelike volkie aan die Suidpunt van Afrika is. Ons moet positief begin om onsself geestelik en fisies. weerbaar te maak, sodat elkeen kan bydra tot die beveiliging van die land en die polisiemag nie alleen staan in sy stryd nie.

Kom ons benut die twee periodes per week wat ons gegun word om onsself weerbaar te maak teen gevare binne en buite ons land!


Dis jammer om te moet erken dat hierdie 70 minute tans gebruik word vir onderwerpe wat eerder by 'n voorligtingsklas tuishoort. Of nog erger: om agterstallige huiswerk in te haal.

### TEN SLOTTE

Ten slotte wil ek sê dat ek baie beslis nie met die ouer garde saamstem wat gedurig die jeug kritiseer nie. Indien dit so is dat ons losbandig, en opstandig is, het hulle net hulleself te blameer.

'n Kind kom vandag met dieselfde neigings, moontlikhede ens. in die wêreld as voorheen. As die voorgeslagte dan met dieselfde materiaal 'n goeie produk kon lewer, en hulle kan nie, dan is dit sekerlik nie die skuld van die mensemateriaal, die jeug nie.

**Lynette Weideman.**




## A.C.S.V.

DAAR IS so baie kinders wat nooit hulle gesigte by die C.S.V. kom wys nie. Nogtans word daar baie teen die C.S.V. gehou. Waarom? Hoekom kom stel die wat so geneig is om kritiek te lewer nie eers vas wat ons Vrydae pouse doen nie? Wil julle nie belangstel in dit wat ons doen nie?

Ons probeer bv. om elke maand R20 te stuur vir 'n Sendingorganisasie om 'n kind in 'n kommunistiese land te onderhou. Ons stuur gereeld geld vir een of ander organisasie vir Bybelverspreiding of vir 'n skool vir blindes. Die geld kry ons van donasies of koekverkopings wat ons hou.

Volgende termyn het ons 'n kamp! Klink dit nie lekker nie? Hou julle ore oop vir afkondigings en kom kamp saam!

**Anna van den Berg.**

## WAAR OF VALS

**Ons, die jeug van Suid-Afrika, is geestelik te onweerbaar, té slap, té negatief om môre die leisels van ons sonnige land op te neem en seëvierend alle gevare en probleme te trotseer en die hoof te bied.**

Net so belaglik as wat dit is om 'n skip met 'n gat in sy romp die oop see in te stuur en te hoop dat die skip nie sal sink nie, net so lagwekkend is dit om te hoop dat die jeug, wat soveel tekortkominge openbaar, môre in staat sal wees om kop bo water te hou in hierdie deurmekaar wêreld van vandag.

Voor ons daartoe in staat sal wees, moet ons eers die gate in ons eie bote herstel. Elkeen van ons moet by onsself begin, ons eie foute raaksien – dan reeds het ons al baie bereik – en dit regstel.

Ons kan egter nie verwag om slegs resultate te verkry as ons by ons gróót foute begin nie. Ons moet bereid wees om by ons kleinste foutjies wat ons as nietighede beskou) te begin om sodoende 'n stewige fondament vir ons toekoms te bou. 'n Imposante woning met groot vensters en wye deure sal immers nie bly staan as sy fondament foutief is nie. Dus, heel eerste, moet ons sorg dat ons fondament reg is.

Ons kan begin om ons fondament reg te stel in on verhoudingslewe, nl. ons lewe t.o.v. ons meerderes, ons minderes, t.o.v. onsself en t.o.v. God. Reeds in die skool moet ons leer om ons meerderes te gehoorsaam en te respekteer. Hier is dissipline sekerlik die belangrikste faktor. Ook teenoor ons minderes kan ons baie meer verdraagsaam optree, asook liefdevol. Dan, die heel belangrikste, moet ons lewens volgens God se wet ingerig wees. Ons lewens kan dus nie net horisontaal gerig wees nie, maar moet ook vertikaal gerig wees. As ons nog nie geleer het of nog kan leer om op ons knieë voor die Skepper te gaan nie, kan ons nou al maar die handdoek ingooi en opgee.

Nadat ons, ons vergewis het dat ons verhoudingslewe korrek is, kan ons ons toespits op die vermeerdering van kennis, kennis van ons vyande, hulle ideologië, aanvalsmetodes en lewensbeskouings. ' 'n Mens kan nooit sê jy is jou vyand se meerdere voordat jy alles en nog wat van sy lewensopvattings weet nie. Tergelykertyd kan ons ons kennis aangaande ons landsake asook die toepassing van eerstehulp en selfverdediging verbreed.

Al wat ons dan nog kortkom, is nasietrots en die vasberadenheid om ons land te behou, kom wat wil. Teen só 'n jeug, het die buitewêreld geen wapen nie, die jeug is immers die ruggraat van 'n volk.

Dan sal daar onder ons leiers opstaan wat soos 'n dr. Verwoerd en 'n adv. Vorster kan sê: "Ons sal lewe, ons sal sterwe, ons vir jou Suid-Afrika."

**GLENFAIR APTEEK**

*VOORRAADHOUERS VAN DIE VOLLEDIGE*

*Estée Lauder*

*REEKS*

**TELEFOON 474368**
**474516**

## SUID-AFRIKA: QUO VADIS?

**Die samelewing hier op die planeet, Aarde is soos 'n vloedgolf wat gedurig deur die eeue op en af beweeg en niks of niemand kan dit verhoed nie.**

**Wanneer 'n volk verslaan van die slagveld af terugkeer en ekonomies en polities heeltemal gebreek is, begin hy onder aan die golf om stadig maar seker weer teen die steil helling bokant sy omstandighede uit te styg. In hierdie staat van teenspoed en verdrukking is die mens altyd naby aan sy medemens en aan dit wat hy as 'n opperwese beskou.**

Op sy pad na bo dryf die mens al hoe verder weg van sy medemens en opperwese totdat elkeen uiteindelik heelbo, op sy eie troontjie klim. Iewers op sy pad na bo kom daar egter altyd 'n leier wat hulle met geweld na bo ruk. Gaandeweg word die leier nou groter en die opperwese kleiner as die volk nou bo is en ekonomiese en politiese welvaart geniet, dink elkeen net aan homself. Sluipmoorde, stakings en staatsgrepe vind plaas – die begin van 'n volk se pad na onder, gewoonlik met 'n oorlog afgerond. (Neem, bv. Engeland wat bestempel was as die koning van die see, al wat die Britte vandag oor het is hulle geskiedenis).

As mens hierdie feite wat deur die eeue self bewys is toepas op ons omstandighede vandag, wonder mens hoe ver is die Weste op sy pad na onder of die Kommunisme op sy pad na bo? Kan ons Suid-Afrikaners op die Weste staatmaak in tye van nood as hulle 'n waansinnige soos Adi Amin toelaat in die skaakspel van politiek?

Is ons huidige leiers wat net soos al ons vorige leiers ons op ons pad na bo wil neem nie maar net besig om wanhopige samesprekings te hou met mense soos Henry Kissinger wat ons in sy besoek aan Afrika uitsluit nie? Sal die Weste 'n paar miljoen blankes beskerm uit pligsbesef omdat hulle ook min of meer teen kommunisme is of omdat Suid-Afrika strategies geleë is op die roete na die Ooste en ryk is aan minerale?

Ons voorvaders het seker, deur so 'n wonderlike land aan ons toe te vertrou, een van die moeilikste erfporsies vir ons nagelaat. Soos adv. Vorster tereg gesê het: "Rusland staan nou wydsbeen oor die punt van Afrika". Tog het hulle Suid-Afrika nog nie onder nie en daarom is daar geen rede om terug te sit en te wag vir die ergste nie. Suid-Afrika en die Weste is al amper twee aparte begrippe en daarom dink ek is ons stadig maar seker met die wind van voor op ons pad na bo.


NEW!!



**The Hungry Wolf**
**Coffee Bar**
*We specialize in Hamburgers, Hotdogs and everything young people like*
**Kingsleys**
**Cnr/Beatrix &**
**Pretorius Strs.**
**Tel. 442326.**

**Ondersteun die Kreupelsorgvereniging**

# AHS-GESTAPO




**St 9 kamp – Roodeplaat**

HL
Ons sit in 'n saal
sing saam aan "wiederchau"
lag saam
praat saam oor die jeug
die probleme
die gewoontes van vandag
Ons redeneer oor feite
sien 'n film oor besoedeling
Ons drink kakao
eet koekies en stap tot by 'n dam
Ons doen volkspele
draai tiekie
en gesels tot twaalfuur om 'n kampvuur
terwyl ons tone vasvries
Erens het dit tyd geword om terug te gaan
terug werklikheid toe
weg van dit wat oor 'n naweek jou lewe geword het;
pap en vleis
"okkerneute en rys"
en groepbesprekings
weg van 'n plek waar jy weer leer leef het
vir die natuur
vir jou medemens
vir God
Tog weet mens dat hierdie naweek
hierdie rondawels
en hierdie bus
vir altyd deel sal bly
van jou en my
ek en jy
en ons hele spul saam **Susan Botha.**

**Ballade van vrees:**

Ken jy my siel waaruit Ek vir jou lag met dolle oë As jy tas en krap in stof
En in jou gekheid skree
Dat jou liefde ewig is, o Aardsheid, terwyl ek wis Hoe vals jou waardes en hoe Vlak jou hart in waansin As leuen ten hemel roep? Ken jy my slegs wanneer Ek swakkies aan jou hande vat Of knarsend in jou ratte draai As deel van hierdie sotte lewe, Of ken jy my as ek jou gees In al sy naakte aardsheid vrees, o Wêreld? Kyk my siel is sat. Ek rus nou in jou harde arms, Vermoeid, want ek, die mens se laaste Liefde, het winter in jou oë gewaar. **A.M.V.**

Ek wens ek kon weer
vir jou kakao gaan haal
en koekies terugbring
totdat jy dankie sê en vra
hoekom is ek so onnosel
om kaalvoet te loop
terwyl jy lag
en "aag o.k." sê
of totdat ek weer die gevoel kry
soos toe ons saam kon tiekiedraai,
baklei
en jy my 'n pakslae belowe het
of my hare getrek het
vir my vertel het ek is negatief
en lag as ek kwaad word
en verstaan as ek stilbly
of vra dat ons vredemaak
net tot ons weer baklei
Ek wens ek kon weer
sò vies word,
sò mens wees,
sò lag.
Ek wens ons kon weer maats wees
Ek wens. . .

**Ekke**

## *HULPROEP*

Ek sien weer die Vryheid
van blou, bloue lug·
Ek proe weer die wind ... ruik die geur ...
ek is daar:

Die dennenaalde lê duime diep
hul geur intens

'n duifie koer
dis ek, net ek en jy

O dennebos!
Strooi weer jou skemering oor my
Help my om weer my siel te vind
Skenk my jou vrede ...
Sodat jou stilte weer
betekenis kry.

**Riana Steynberg**

## *ONS!*

Tussen steenpilare
loop die malle skare
Bleeggesigte.
Onder helder neonligte –
Ewige gehaas;
oorverdowende geraas.
Alles maligheid,
die gejaag met tyd. **X²**

## *DODESEL*

Sy oë
is leeg
'n bitter grynslag
skeur sy hart oop. .
sy siel
is
verwronge
hy grom soos 'n dier
Krimp dan inmekaar
as vrees
hom
kromtrek
Hy wil waansinnig. . .
uitdagend. . .
na
Bó.

**Riana Steynberg**

## *10c UIT 'N ANDER SE OOGPUNT*

Adrie: Onvoltooide simfonie van Schubert.
Alida: Seasons in the sun.
Anna: You're my angel.
Annelise: Sweet sixteen – never been kissed before.
Elizabeth: Lady in Blue.
Gonda: I can't keep it in.
Hester: If you should ever think of leaving me.
Joey: I like to love.
Line en Irma: Smoke on the water.
Lizette: Spanish eyes.
Melinda: Silence is golden.
Michelle: Keep on smiling.
Missie: What can I do with a drunken sailor?
Ora: Pussy cat.
Renee: Misty nights.
Riana: What a night.
Sally: Liefde is my mosterbike!
Sonja: Jolly Jaqueline
Zelda: Sounds of Silence.
Zuzette: Poppe simfonie van Beethoven.

## DIE AAND VOOR DIE EKSAMEN!!

**Vererg** gluur ek die boek voor my aan. Ewe skielik kom hy te voorskyn met twee sketse van die hart wat ek nog nie geleer het nie! Dis al deksels laat en boonop is ek maar net van vlees en bloed en nie 'n rekenaar wat dag en nag antwoorde kan uitspoeg nie.

Waar is my blindederm nou weer? Ek is seker hy was net-nou nog net hier. Maar nee, voor my staan lewensgroot geskryf: Lengtesnee van die harsings! Maar natuurlik, ek is by die verkeerde skets! Ek wil eers lag, maar toe pak die vrees my – as ek nou al blindederms in die harsings soek, wat gaan ek môre doen?

**Riana Steynberg**

ONS NEEM FOTO'S VIR
*PASPOORTE, PERSOONSKAARTE, BESTUURDERSLISENSIES, ENS.*
*GEREED BINNE* **5 MINUTE**
**CROW APTEEK**
**PRETORIUSSTR 284 H/V SENTRAALSTR. PRETORIA**
**TEL.: 24251, 24252**

# ONVRIENDELIKHEID IN AFFIES!?

**Gebrek aan kommunikasie is een van die grootste probleme wat die mense van vandag ondervind, maar kan ons nie maar probeer om net by ons skool vriendelik te wees nie?**

Druk die lewe dan so erg, het almal dan sulke vreeslike probleme of het hulle dan niks om 'n bietjie bly oor te voel nie? Hoekom groet ons mekaar nie as ons bymekaar verby loop nie? Hoekom lag iemand nie terug as jy vir haar glimlag nie?

Almal van ons wil graag baie vriende hê en graag gewild wees of almal van ons wil darem hê díe wêreld moet weet ons bestaan, maar ons almal verwag dat die mense om ons van ons moet maak wat ons so graag wil wees. Die mense om my moet eers hulle 60% bydra voordat ek my 40% gaan bydrae om van myself 'n sukses te maak. Ons is nie meer deesdae bereid om van ons self te gee nie.

Dit bring my weer terug by my vrae bo genoem. Hoekom glimlag niemand meer spontaan vir mekaar nie? Almal wil graag hê die mense moet met hulle vriendelik wees, maarself loop hulle met suur gesigte rond. Hoeveel van ons komplimenteer mekaar nog op iets moois wat ons aan het, of hoeveel van ons praat nog opbouend van mekaar? As daar oor 'n onderwyseres of 'n meisie gepraat word, is dit gewoonlik net 'n groot geskinder "kyk net wat het sy alweer vandag aan" of "dink sy nou regtig sy was oulik om juffrou te gaan help!"


Al hierdie dinge word gesê, nie omdat daar regtig iets verkeerd mee was nie, maar omdat ons nie die vrymoedigheid het om so iets goed te praat nie. (Is dit nie dalk omdat ons 'n skuldgevoel het nie?) en omdat ons die gewoonte aangeleer het om na mense te kyk met die doel om te kritiseer en af te breek.

Kom ons maak hierdie trimester 'n trimester van vriendelikheid en welwillendheid. Glimlag vir die wêreld om jou en gebruik die woorde "dankie" en "asseblief" maar so veel as moontlik.

Deur ons welwillendheid en vriendelikheid kan ons die wêreld om ons soveel makliker en lekkerder maak om in te lewe.

**Tersia Geyser.**

# DANKIE BOYS' HIGH!! (SEUNSHOËR??)



## *NOSTALGIA*

Why is it that the tears will well
when back I cast my mind?
A sad, sweet beauty seems to dwell
On times that lie behind.
Why is it that a lingering joy
Descends on paths long trod?
Perhaps we were but younger then
And nearer still to God. **Ekke.**

**Brooklyn Books and Gifts**
**471 Valtica Centre**
**The best prices in town**

**GLENFAIR**
**DRY CLEANERS FOR LAUNDRY AND SHOE REPAIRS**
**SANLAMSENTRUM**
**TEL: 474513**
*You phone and we call*

*Vervolg vanaf p.4.*

**DIE VERLIEFDE AFFIE OPGEDRA AAN: ISABELLA**

Haar dieët is natuurlik liefde en koue water! van hierdie soort Affies is daar 2 tipes, die wat in 'n waas beweeg en met glaserige oë by die venster uitstaar en ander wie se monde oorloop waarvan hulle harte vol is. Eersgenoemde is gewoonlik vreeslik verstrooid en loop die heeldag met 'n Mona Lisa – glimlagom die mond rond. Wie die held is, is gewoonlik 'n staatsgeheim of hy nou oor die straat is of in Put sonder water.

Die ander tipe se simptome is baie opvallend: jy kan jou in haar oë spieël en sy leef haar in, in elke woord wat sy oor hom praat. Haar penneblikkie lyk soos 'n treinongeluk van oorkrap en uitkrap want die belangrikste naam wissel gewoonlik so elke 14 dae.

# VOORTREKKERS INLEIDING

**Ons is almal bewus van die feit dat Suid-Afrika moeilike tye beleef. Omdat dit die taak van die jeug is om te sorg dat die vryheid van ons republiek gehandhaaf sal bly, is dit elkeen van ons se eie plig om toe te sien dat ons staande mag bly teen vreemde ideologieë en aanslae van buite. Ons moet geestelike en liggaamlik weerbaar en paraat wees.**

Dit is nog nie te laat om by 'n beweging soos die Voortrekkers aan te sluit nie. Dirkie Uys-kommando het 'n Staatmakerafdeling gestig en al was jy nog nooit in jou lewe 'n Voortrekker gewees nie is jy baie welkom om dan aan te sluit.

Dra jou deel by vir jou land en maak dan ook sommer 'n beter mens van jouself. Hou elke dag koers sodat jy ook die toekoms in kan koers hou.

HOU KOERS

**DIRKIE UYS-KOMMANDO**

**Deur die jaar was Dirkie Uys-kommando gedurigdeur bedrywig en nog meer interessante ondernemings wag verder in die jaar.**

Vyf van ons Verkenners woon die Hoofleierswagtoetskamp by en drie van die vyf Verkenners stap weg met die Presidentverkenner balkie. Hendrik, Robert en Ilse maak dus ook geskiedenis hier vir ons kommando.

Gedurende die Paasnaweek durf 30 Verkenners die Fanie Botha-staproete in Sabie aan. Dit was voorwaar 'n belewenis duisend, ten spyte van reën wat die staptog halfpad moeilik laat verloop het. Die "stap" het verder gegaan met "gly".

Vrydagaand, 21 Mei, het ons Kommando ook deelgeneem aan die staptog by die Pretoriase Skouterrein. Ons en Jan Lombard het saam vlot gebou wat die titel "Afrikaans ons Taal" gedra het. Die 22ste Mei het vyf Verkenners die optog deur Kerkstraat meegemaak en geld ingesamel vir die Kankerfonds.

Die hoogtepunt hierdie trimester sover was nog die stigting van Staatmakers in ons Kommando deur die Verkennerraad. Almal van St. 10 en oor is baie welkom om aan te sluit, al was jy nog nooit 'n Voortrekker nie. Ons hoop om nog baie ander interessante dinge aan te pak hierdie jaar.

Hou Koers!

## *Nuusbrokkies van Klapperkop-kommando*

GEDURENDE die afgelope trimester, was die Voortrekkers en veral die Verkenners van Klapperkop kommando weer heel bedrywig. Die aktiwiteite sluit, behalwe die spanbyeenkomste, verskillende kommando-, streeks- en gebiedsaktiwiteite in.

Die paasnaweek het daar 'n toer na Mount-Aux-Sources plaasgevind. Hierdie toer is deur die Koedoespan gereël. 'n Groep van 37 Voortrekkers en Offisiere het hierdie toer meegemaak. Weens die slegte weersomstandighede was ons verplig om reeds Vrydag terug te keer en nie Saterdag soos aanvanklik beplan is nie. Ten spyte van al ons ontberinge op die berg, is ek oortuig dat almal met my sal saamstem dat dit 'n onvergeetlike naweek was.

'n Groot aantal Verkenners het die verskillende gebiedskampe wat gedurende die vakansie gehou is te Thabazimbi, Westfalia en Lunsklip, bygewoon. Daar word nou nog met groot opgewondenheid vertel van al hulle wedervaringe!

Vier van ons Verkenners het die Hoofleierswagtoetskamp te Hartebeespoort jeugterrein bygewoon. Al vier was so gelukkig om die kenteken te verwerf. Een van die vier Verkenners nl. Pieterjan van der Merwe het die Presidentverkennerkenteken verwerf en so die eerste Presidentverkenner van Klapperkop geword. Baie geluk Pieterjan, ons is trots op jou. Die oorhandiging van die Presidentverkennerbalkies het op 6 Junie plaasgevind. 'n Groot aantal van ons Verkenners het deelgeneem aan die verrigtinge wat verskillende erewagte, sang en seremonies ingesluit het. Dr. Koornhof was die gasspreker.


Op Vrydagaand, 21 Mei het 1500 Voortrekkers vanoor die hele Pretoria deelgeneem aan 'n optog by die Pretoriase Skouterrein. Die vlotte wat vier hierdie geleentheid gebou is, het die laaste strofes van die Stem uitgebeeld. Klapperkop se vlot het die Vrede van Vereniging monument uitgebeeld. Danksy die harde werk van oom Piet, oom Reinhardt en oom Walton het ons vlot puik vertoon.

Op 25 Julie het Hans van Heerden en sy mannekoor vir ons Kommando in Unisa se gehoorsaal opgetree. Die fondse wat tydens hierdie geleentheid ingesamel is sal aangewend word vir die ontwikkeling van 'n kampterrein.

Donderdag, 29 Julie spreek oom Wennie ons toe. Hy gee veral twee dinge aan ons om oor na te dink nl. Wat beteken jou land vir jou en wat beteken jy vir jou land. Jou land behoort vir jou alles te wees, want jou land gee alles aan jou. 'n Taal, 'n kultuur en 'n identiteit.

Op 30 Julie het daar 'n Verkenneraand plaasgevind. Die Verkenners van Klapperkop en Suiderkruis het saam pannekoek gebak, speletjies gespeel, gesing en Volkspele gedoen. Dit was 'n groot sukses!

**Marisa Meiring**




## "ROCKY-HORROR PICTURE SHOW:"

**Die "Rocky Horror" het in sy volle glorie die 12de Julie 1976 begin draai met die 169 matrieks wat onderskeidelik die hoofrolle vertolk het. Die musiek en byklanke is egter deur die bekwame onderwyseresse versorg.**

Ter aanvang is 'n Afrikaanse Taalkunde vraestel vertoon wat 'n goeie voorsmakie was van dit wat sou volg, veral as 'n "straatgans" en die intensiewe vorm van die "werkwoord" in aanmerking geneem sou word.

Na die ou "misverstandjie" tussen Hitler, Stalin en Sjina van 'n goeie helfte van die matriek geskiedenisklas, het die "Horror Show" eers regtig in fokus begin draai en na wense begin funksioneer. Die hooftepunt van die vertoning was gewis die Driehoeksmeting en Meetkunde vraestel wat die eintlike keerpunt in menige matriek se lewe te weeg gebring het en die heroorweging van 'n toekomstige loopbaan teenoor die rooskleurige toekoms van die O.K. se lekkergoedafdeling tot gevolg het.

Op Vrydag die 23ste is die laaste drie "hoorspele" deurgeworstel wat wreed ontaard het in 'n treurspel soos wat die eens Shakespeare hom sou kon voorstel nie.

As toegif het die flukse leerkragte aan ons, ons "Horror" antwoordstelle leedvermakering terug besorg, gepaardgaande met 'n plegtige seremonie, waaroor ons slegs meewarig kon glimlag en ons self " 'n plechtstagie pop met een krulpruik" kon noem en uiteindelik die onderwyseresse se waardebepalinge volkome kon begryp en uitleef!!

**'n Matriek**

# NEGATIWITEIT TEENOOR VOORTREKKERS

**Die hedendaagse jongmens is deesdae voorwaar so modern, dat selfs 'n beweging soos die Voortrekkers ook al as "outyds" bestempel word. Hoekom moet so 'n groot deel van die jeug in hierdie opsig, negatief staan teenoor iets wat jou as mens geestelik en liggaamlik verreik en opbou? Was hierdie ouens en meisies wat Voortrekkers so kritiseer al werklik deel daarvan, of lewer hulle maar kommentaar van sien af? 'n Mens kan nie meer hierdie beweging vergelyk met jou Laerskooldae as Voortrekker nie, want dit is tog vanselfsprekend dat meer dinge aangepak en uitgevoer word namate jy ouer word.**

Om Voortrekker te wees is nie net vuurtjies aanpak en volksliedjies sing nie. Nee, dit is baie meer! Dit bied jou die geleentheid om deel te wees van 'n groep; om te leer van ware kammeraadskap en liggaamlike en geestelike voorbereiding teen vreemde aanslae van buite op die Christenjeug van Suid-Afrika. Jy leef na aan die natuur en word 'n deel daarvan, maar bowe al word jy 'n liefhebber van ons plante, diere en bodem.

Hoekom dan die uniform? Dit is iets om oor trots te wees as jy 'n waardige draer daarvan is. Dit is 'n teken, 'n simbool, dat jy deel vorm van 'n groep of eenheid wat dinge saam aanpak en verrig. Dit is 'n bewys van jou bereidheid om jou land te dien; dat jy trots is op jou Vaderland en trots is op jou voorouers, wat met sweet en volharding hierdie land van ons met duur offers van bloed gekoop het.

Ek probeer nie hiermee (enigsins) Voortrekkers werf nie. . . inteendeel. Hiermee doen ek 'n beroep op die wat Voortrekkers in 'n slegte lig stel en altyd net daarop uit is om hierdie beweging te kritiseer, om liewers eers te dink en jouself eers af te vra hoe jy jou deel as Afrikaner bydra.

Wat doen jy as jong mens om jou land op 'n dienlike en vrugbare manier te dien, of beweeg jy maar net soos 'n parasiet saam met die lewenstroom?

# LATYN



# LEESKOMPETISIE

**Op 5 Junie het 'n groep Affies opgetrek na Johannesburg en wel na hulle gedugte vyande – Helpmekaar. Die rede vir dié optrek was egter nie vir atletiek nie, maar vir die Latynse leeskompetisie.**

Met hulle vertrek uit Pretoria was die Affies vreeslik selfvoldaan en vol selfvertroue maar by hulle aankoms in Johannesburg het hulle moed tot in hulle skoene gesak toe hulle al die deelnemers sien. Juf. Schoeman het hulleg egter gou verseker dat hulle die beste is en dat hulle moet wen, maar die paniek het nog steeds in hulle kele opgestoot.


Terwyl die ondersteuners skyfies gekyk het, het die deelnemers hulle beurte afgewag. Omte lees. Gelukkig was dit nie ten aanhore van 'n hele saal nie! Die wág het die Affies byna doodgemaak.

Maar nou-ja, soos dit maar altyd by die Affies is het hulle die ander in die stof geloop!

Uitslae: Senior Afdeling – 1e plek Wynand Bezuidenhout – 2e plek Carla Capello
Junior Afdeling: – 1e plek Nushin Elahi

Uit die vyf pryse wat gewen kon word, het die Affies drie gewen.

Latina nou lingua est stultibus sed sapieutibus




# EKSAMEN VOORBEREIDINGS

**Die eksamen is nou gelukkig iets van die verlede. Vir party ouens was dit maar net nog 'n geleentheid om te bewys dat hulle kenners van die vakke is wat hulle bestudeer. Vir ander ouens was dit weer donker, moeilike dae waarin hulle weereens bewys het hoe min hulle eintlik weet van die dinge wat hulle veronderstel is om te weet. Die volgende paar aanhalings uit 'n paar vraestelle bewys hierdie stelling.**

a) **Die twee wêreldoorloë:**

Die moordaanslag van Sarajevo was die druppel water wat die lont aan die brand gesteek het. In die transistortydperk is die Volkebond geskep. Dit was 'n vergadering van afgevaardigdes van volke wat die oorlog voorberei het. Dis Hitler wat die oorlog veroorsaak het. Hy is die skrywer van Mein Kampf. Hy het hom met Italië, wat maar 'n klein bevolking gehad het verenig. In 1945 los Amerika die eerste atoombom op Japan. Duisende Hirosjinese sterf.

b) **Kruistogte:**

Die kruistogte se doel was om ontslae te raak van soldate en kommandante wat té belangrik geword het. In hulle briewetasse het die kruisvaarders foto's van hulle vrouens en kinders saamgedra. By hulle terugkoms, was hulle bly om nuwe kinders rondom hulle getroue eggenotes te vind. Wanneer die pelgrims op kruistogte vertrek het, was hulle byna oortuig daarvan dat hulle dood sou terugkom.

c) **Piramides:**

'n Piramide bestaan uit 'n dodekamer, 'n ondergrondse restaurant en 'n hele klomp gange om die geleerdes om die bos te lei.

d) **Die Oerwoud:**

Dis 'n woud waarin geen mens al ooit ingedring het nie. Die plantegroei is baie welig en die reuse-bome word gou-gou honderd jaar oud. Die alleenlopende olifante beweeg in hierdie digte bosse rond in troppe van minstens vyf stuks.

e) **Die hart:**

Die hart is die orgaan waarmee ons lief het. Dis 'n plat, ingeduikte been.

f) **Alkohol:**

Nog 'n manier om water drinkbaar te maak is om rooi wyn daarby te gooi. Alkohol maak die mense se organe bros. Dit maak ook mal, onnosel en geestelik. Onder die invloed van drank ken die alkoholis homself nie meer nie en verloor sy geheue. Hy kan baie maklik een aand selfmoord pleeg en die volgende dag niks meer onthou nie.

g) **Die kat:**

Die kat is 'n dier wat met hare bedek is. Hy het vier bene: twee voor om mee te hardloop en twee agter om mee te rem.

# EKONOMIE TOER

**Maandag 14 Junie het 38 matriek seuns van die Afrikaanse Hoër Seunskool, een onderwyser en 'n Busbestuurder die kloof Goudmyn naby Krugersdorp besoek.**

Ons het 6 uur die oggend vertrek en 7-30 vm daar aangekom. Ons is vriendelik ontvang, deur die hoof van die Mynopleidings sentrum te kloofmyn, met toebroodjies en koffie.

Nadat ons ons mynuitrusting, wat bestaan het uit 'n oorpak, kouse, stewels, valhelm en lig, aangetrek het, het ons na die skag beweeg.

Ons is met 'n hysbak of 'n "skip" teen 12 meter per sekond in die skag af. Die kabel se deursnee is 49 mm. Ons is tot op die 18de vlak wat in 'n diepte van 1640 m. geleë is. Die hyser voer daagliks 12000 bantoes en 800 blankes die myn in en uit.

Daar is toe 'n kort interessante verduideliking aan ons gegee voor ons in groepe verdeel het. Ons het besef dat die werkers vir hulself werk en probeer om die hoogste sport te bereik. Alles wat die student mynwerker verrig word volgens model gedoen.

In groepe van tien is aan ons verduidelik en gewys hoe jong mynwerkers opgelei word. Die blankes moet eers leer hoe, hoekom en hoelank dit vat om die taak te verrig voor hulle 'n span bantoes kan aanvoer. 'n Interessante feit is dat daar almal moet kan "fanagalô" praat, blank en Nie-blank. Ons is ook al die verskillende aspekte van mynbou gewys nl. skietwerk, beskutting, boring ens. Ons is ook vertel van die lae gouderts en hoe dit uitgehaal en vervoer word. Daar word slegs 10 gram goud per ton uitgehaal. Die myn se belasbare profyt is R1339 980 000.


## TERUG NA OPPERVLAKTE

Toe ons weer terug op die oppervlakte was het ons vir middagete na die mynwerkerstehuis na 'n skaflike maaltyd en 'n interessante praatjie deur Mnr. Duraan, hoof van die Staatsopleidingsskole in Suid-Afrika het ons vertrek.

Graag wil ek net vir Mnr. Langley en al die persone wat dit moontlik gemaak het vir ons om te gaan bedank vir hulle moeite. Dit was baie lekker gewees.

Paal

# Te Saluto



## UIT VERGANGE SE DAE

### Hoor wat die Affies sê (En hoe)


**Dit was 'n stryd van die bulle. En Meisies Hoër het ook deelgeneem. Maar juis hierdie vroulike aandeel het gesorg vir 'n besondere aantrekkingskrag by die debat gehou Vrydag die 4de Junie, by A.H.S.**

Die groot vraag was: Waarheen gaan die mensdom nou eintlik-vooruit? Aan die positiewe kant was Lynette Weideman die span se enigste skoonheid – Christof Heyns, en Carl van Wyk, wat sy debuut gemaak het. Die ander span – die een wat gesê het die mensdom gaan agteruit – se teenvoeter wat skoonheid aan betref was Liezie Reyneke. Aan haar sy was Abel de Kock, en natúúrlik ook Michael v.d. Nest.


In hulle inleidende toesprake het hierdie 6 sprekers/sters besondere voorbereiding en insig in die probleem getoon. Ook die gehoor het met die vloerbespreking hulle staal getoon. Die hoog(s)te punt het egter ongetwyfeld met die repliek gekom, toe die sprekers mekaar fyn gesny het met argumente – die een so oortuigend soos die ander. Ook moes hulle 'n paar ongemaklike vrae van die gehoor beantwoord.

Alle goeie dinge kom egter tot 'n einde, en die gehoor is tot stemming gebring. Die uitslag het getoon dat die mensdom wel agteruitgaan. Hoe dit ook al sy, elkeen wat teenwoordig was het iets geleer, dit was deur en deur die moeite werd.

Wanneer 'n mens nog hierby die kort, plaaslikvervaardigde dramatjie "Jou laaste 12 uur" voeg, kan dit beslis as een van die hoogtepunte in die aanbiedinge van die debatsbestuur beskou word. Aan elkeen wat sy deel gebring het; baie dankie, ons het dit terdeë geniet. Ons sien daarna uit om in groot getalle by die volgende debat op te daag.



# VAT HOM VAS



# SPORTMAN VAN DIE TERMYN

**Hermanus Johannes Kleynhans is op 11 April 1959 op 'n dorp bekend as Kroonstad daar doer in die Vrystaat gebore. Hy ontvang sy laerskool opleiding te Bethlem.**


Reeds op Laerskool staan Herman sy plek vol in die O/11 A span as kranige skrumskakel. Die volgende jaar egter haal hy die eerste span van sy skool en wel as senter. In st. 5 is Herman Kaptein van die eerste span en word hy ook dieselfde jaar gekies as senter en o/k van die Oos Vrystaatse Laerskole span.

In 1972 verhuis sy ouers egter na Pretoria en sodoende is die Vrystaat hierdie senter kwyd. Gelukkig besluit hy om sy hoërskool jare op Affies deur te bring en kom hy aan die begin van 1972 as 'n onbekende na Affie-land.

## KRANIGE SENTER

Hy maak egter gou naam as atleet en word dieselfde jaar gekies as senter vir die sterk o/13 A span. Die volgende jaar maak Herman weer so en draf vir die o/14 A span op die veld. In 1974 speel hy senter vir die baie belowende o/15 A span, wat ook daardie jaar 'n suksesvolle toer na die Kaap onderneem het.

*Herman Kleynhans.*



Voorspoed aan alle Stroom-op lesers
Kleynhans

In 1975 as St. 9 leerling behaal Herman die onderskeiding om reeds op so 'n jeugdige ouderdom vir die 1ste span van Affies te kan uitdraf. Dieselfde jaar word hy vir die N.Tvl. B Hoërskole span gekies, en wel as senter. In 1976 – sy matriekjaar – maak hy weer só. Hierdie keer egter is hy o/k van die bekende 1ste span van Affies. Hy haal weereens die N.Tvl. Hoërskole span en die keer is hy nie alleen in die A-span nie maar is ook gekies as o/k.

## HOOGTEPUNT

Word gevra wat die hoogtepunt in sy suksesvolle rugbyloopbaan tot dusver was verskyn slegs 'n glimlag en baie oortuigend kom die antwoord "Die oorwinning oor John Vorster Tegnies".

Dit is verstaanbaar dat Herman so presteer as ons kyk na sy Pa se rugby-loopbaan. Dit is dan ook Herman se vader se nodige motiveering, en deur dit te kombineer met mnr Dirk de Vos se groot rugby geesdrif is daar min dinge wat Herman op die rugbyveld kan stuit.

Herman wil graag volgende jaar L.O. op Tuks gaan studeer en is dit verblydend om te verneem dat hy sy rugby-loopbaan gaan voortsit.

## NETBAL '76

NA 'N BAIE lekker en geslaagde netbalseisoen bedank ons almal wat ons kom ondersteun het. Veral sê ons dankie vir die ondersteuning wat deur koshuise-Meisies en Seuns- aan ons wedstryde gegee is. Ons sou dit egter baie waardeer het as ons meer van ons personeel daar kon sien; dit moedig mens nogal baie aan as jy weet daar staan 'n paar onderwyseresse langs die baan – al is dit net om te wys ons is nie orals so dom soos in die klas nie!

Baie dankie vir Mej. Hünck wat ons so goed ondersteun het asook Mej. Steyn se aanmoediging langs die baan.

Ons het baie pret gehad gedurende die seisoen en hiervoor was Tannie Gouws grootliks verantwoordelik! Baie dankie vir Tannie se vriendelikheid en baie opofferings, asook Tannie Nel wat ons kleintjies so mooi grootmaak.


Senior B en die O/14 B spannetjie het al hulle wedstryde gewen en sodoende deurgedring na die finaal. Daar het Senior B ongelukkig gelyk-op gespeel teen Verwoerdburg 6-6, die O/14 het egter gewen en was dus die finale wenners van hulle afdeling; geluk!

**Hester du Pisanie Netbalkapteine**



*Diek neem die beker in ontvangs.*

Hou die oog op die bal. Affies! Drop jou nooit! Putter



*Ons drie Netbal-uitblinkers wat Noord-Transvaal kleure verwerf het: v.l.n.r. Leonie Gouws, Hester du Pisani, Karen Kellerman.*

### Rugby 76

**Reeds vroeg in die seisoen is 'n duidelike idee gevorm van watter skole vanjaar die stryd sou uitspook om die Administrateursbeker in Noord-Tvl om die Noord-Transvaal se kampioen te word.**

In die A-aria is 'n horde stryd tussen Affies, Tegnies, John Vorster en Verwoerdburg gevoer.

Op Saterdag 12 Junie het Affies met Brits 15-4 afgereken. Saterdag 19 Junie het Affies na C.R. Swart gegaan en hulle daar met 16-12 geklop, danksy die 12 punte wat deur Herman Kleynhans aangeteken is. Op Saterdag 26 Junie het Affies teen Wonderboom gespeel en hulle met 43-6 geklop. Al Affies se drieë is deur die agterlyn gedruk.

Na Saterdag 3 Julie was die stryd weer vir die groot kannonne oop toe Affies op Loftus Versveld deur John Vorster 16-15 geklop is. Dinsdag 6 Julie is die eerste proef wedstryde omdie Noord-Transvaalse Hoërskolespan gehou. Herman Kleynhans, Hendrik de Swart, Corné Meyer, Danie de Jager, Slang Malan, Johnny de Jager, Robert Young en Terence Mathie het die Affies daar gaan verteenwoordig. Later na die finale proewe is Herman Kleynhans vir die A-span as o/k, Johnny en Danie de Jager vir die B-span en Robert Young en Hendrik de Swardt as reserwes, gekies. Saterdag 10 Julie het Affies teen Verwoerdbur te staan gekom. Affies het die harde wedstryd met 25-22 gewen. Hierna was ons weer terug in die Kompetisie en het die puntestand tussen die skole in die A-aria soos volg daar uitgesien, gespeel, gewen, verloor, gelykop, punte vir, punte teen, totale punte.

Nou moes Affies, Verwoerdburg en John Vorster uitspeel om die wenner te bepaal. In die finaal het Affies teen John Vorster te staan gekom en die harde wedstryd met 18-16 op L.C. de Villiers gewen. Al wat 'n Affie was, teenwoordig, en daarmee het Affies die wenners van die A-area geword. Affies se drie drukkers is hierdie wedstryd was John Natorp, Mielie van Zyl en Danie de Jager. Saterdag 24 Julie het Affies teen Gerrit maritz wenners van die C-Area gespeel en maklik met 11-4 gewen. Terselfdertyd het Menlopark wenners van die B-area Pretoria-Wes met 20-3 geklop.

Die groot dagwas Woensdag 28 Julie toe Affies en Menlopark mekaar gepak het. Affies het die wedstryd met 6-3 verloor en is so uitgeskakel uit die kompetisie. Aan Menlopark sê ons baie geluk. Dick Putter as Kaptein met sy 14 manne het hierdie seisoen Affies se naam hoog gehou en orals lof ingeoes. Ook baie geluk aan die o/13 wat hulle liga met Menlopark deel, en die o/14 en o/15 wat hulle ligas gewen het. Dit was 'n baie aangename rugby seisoen wat lank onthou sal word. Aan al die rugbyspelers sê ons baie dankie.

*Met komplimente van*

**Robert Koch Apteek**

Vir vriendelike en flinke diens

* * * * *

Pretoriusstraat
Robert Koch-gebou Tel.: 3-3880

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

# HOKKIE '76

**Die hokkieseisoen van 1976 is verby en wat 'n suksesvolle seisoen was dit nie vir Affieland nie? Danksy die pragtige gees en samespel onder die hele span speelsters kon ons hierdie jaar die B-liga wen en so geskuif na die A-liga.**

Benewens die 10 ligawedstryde gespeel, het ons ook 4 vriendskaplike wedstryde gespeel; twee daarvan teen toerspanne – Hoërskool Voortrekker van die Kaap en Hoërskool Sentraal te Bloemfontein. Benewens die 1e span het die ander spanne ook skoonskip in hulle afdelings gemaak. Die 2e span het geen wedstryd hierdie seisoen verloor nie. Die 3de en 4de spanne, die twee O/15 spanne asook die twee beginnerspanne het ook gewys dat Affies kan hokkie speel en hul opponente goed die loef afgesteek.

Die seisoen is goed begin deurdat ons H.F. Verwoerd 2-0 geklop het; ons speel egter gelykop teen Tuine en verloor 1-0 teen Wonderboom; ons verslaan Lyttelton Manor 5-1 en Hillview 3-0. Met die aanvang van die tweede been van die liga is ons vasbeslote om geen wedstryde te verloor nie. Deurdat die wedstryde op ons veld beslis word wat in ons guns tel, voeg ons sommer die daad by die woord en verslaan H.F. Verwoerd 4-0.

Nou moes ons Tuine klop. Na 'n harde en taai wedstryd slaag ons daarin om hul 2-1 te wen. Lyttelton Manor se wedstryd word tot later uitgestel. Gedurende die rekordeksamen word daar teen Hillview gespeel en al moes ons sonder die hulp van die matrieks klaarkom verslaan ons hul tog 5-1!

Eindelik breek die dag van vergelding aan – die wedstryd teen Wonderboom. As ons wen, wen ons die liga; verloor ons, is ons en Tuine gelykop en moet ons weer uitspeel. Die week van die 19-22 Julie slaap, eet en drink die 1e span net WONDERBOOM. Plakkate word gemaak, seunshoër word uitgenooi en ondersteuning word gevra. Danksy puik spel van die speelsters, aanmoediging en raad van die toeskouers wen ons Wonderboom 1-0. Ons kop is so te sê deur. Nou lê nog net Lyttelton Manor voor. Ons wen hul 3-0 en ons is die wenners van die B-liga. Na afloop van hierdie wedstryd wag daar 'n verrassing op ons. In die stilligheid met Mev. Duncker koek gebak en tafels uitgedra en toe ons weer sien hou ons 'n oorwinningspartytjie. Baie dankie Mev. Duncker, ons het dit terdeë geniet!

Julle het seker opgelet dat die 1e span speelsters die laaste paar wedstryde met rooi voorskootjies gespeel het. Dit is te danke aan Mev. Kruger se harde werk. Die doel hiermee – ons lyk dan almal soos rooi "BLITSIES" en speel dan ook so.

Die grondslag van ons sukses het gelê in die feit dat elke speelster so getrou kom oefen het, die puik afrigting van die afrigsters, die ondersteuning van Mevv. Kruger, Duncker, Boardman en al die Affies en laastens die pragtige gees van die speelsters langs en op die veld. Menige skeidsregters het na afloop van wedstryde gesê dat ons oorwinning te danke is aan ons positiewe sportmangees. Mooi so, Affies, hou dit so!

Affies was ongelukkig om nie een speelster in die N-Tvl span te kry nie. Ek sê "ongelukkig" want daar was seker 'n hele paar wat verdien het om plek te kry maar... Nietemin is Juf. Lombaard egter gekies vir die N-Tvl. senior hokkiespan en het sy so Affies se naam hoog gehou. Die span was ook na Port Elizabeth vir die provinsiale proewe waar die Springbokspan gekies is. Noord-Transvaal het ook op die 14de Julie teen die besoekende Hollanders gespeel en het ongelukkig met 1 doel teen geen teen hulle verloor.

Met 'n suksesvolle hokkieseisoen agter die rug wens ons alle speelsters sukses vir 1977 toe – sorg dat julle Affies se naam hoog hou!

**Wilna Kruger Hokkiekapteine**




*Mielie oppad doellyn toe vir een van Affies se drieë teen John Vorster Tegnies.*

# BAIE GELUK




*Hannes Potgieter – Affies se nuwe Springbok.*

# SKERM

**Skerm is die oudste georganiseerde sportsoort waarvan ons weet. Die Egiptenare het duisende jare voor die geboorte van Christus reeds met houtswaarde teen mekaar geveg. Ons lees ook dat daar in die kampe van Djengis Khan 'n gedurige uitdagery was om te kyk wie is die beste swaardvegter, en hulle het dan met stomp houtswaarde teen mekaar geveg.**

Skerm het dus eintlik sy oorsprong in oorlogvoering gehad. Die soldate is met swaarde bewapen, en om 'n goeie swaardvegter te wees moes hulle teen mekaar oefen. Uit hierdie "oefen" het die huidige skerm ontwikkel.

Moderne skerm het begin in die 17e eeu. Die edelmanne en gegoede burgers in Europa het altyd met 'n vapier rondgeloop, omdat hy ten eniger tyd deur rowers aangeval kon word. Rowers was in daardie tyd geweldig volop. Ook het die mans mekaar uitgedaag om tot die dood te veg as die een die ander se eer gekrenk het.

Ons gebruik vandag nog die vapier, maar noem dit die "epél". Toentertyd het die edelmanne gevind dat hulle in die koninklike hof makliker met 'n "degen" as met die groot en lomp vapier kan rondbeweeg, en ook was die degen handiger as daar in 'n nou straatjie geveg moes word. Die degen word nou nog gebruik – ons noem dit 'n "floret". Die sabel gebruik ons ook nog vandag. Hy het sy oorsprong in Hongarye gehad en is veral in Duitsland, Hongarye, Rusland en die Poolse gebiede gebruik. Die Franse, Italianers, Spanjaarde en Hollanders het voorkeur aan die vapier, en as oefenwapen, aan die degen gegee.

Die vapier en degen is net steekswaarde, en met 'n sabel kan gekap en gesteek word. Vandag se swaarde is egter onskadelik. Die lemme is van veerstaal, en buig wanneer daar gesteek word. Die sabel se snykant is stomp, en die epee en floret het rubberproppies op die punte.


Om hierdie sport te beheer is 'n magdom reëls en regulasies ingestel deur die F.I.E. (Federation Internationalle d'Escrime). Die baan waarop geskerm word, word 'n "piste" genoem en is 2 meter wyd en 14 m. lank. As 'n mens twee keer na mekaar van die piste afgedryf word is dit 'n punt teen jou. Die gevegte word ook op 'n puntebasis beslis. Die een wat eerste vyf punte teen sy opponent aangeteken het, wen.

Skerm is by uitstek 'n sport waarin 'n mens moet dink. Terwyl jy veg, moet jy geweldig konsentreer om steekhoue reg uit te voer, en om aanvalle af te weer. Daar is duisende maniere om aanvalle te begin, aanvalle af te weer en teenaanvalle te begin. Om al hierdie bewegings reg en effektief uit te voer kos geweldig baie oefening en konsentrasie. Daarom is skerm by uitstek die sport wat breinkrag met fisiese fiksheid kombineer.

**Wim Dreyer**

KERKSTRAAT 219
PRETORIA
TEL: 3-7018
3-7010
IN SAMEWERKING MET R. MÜLLER
Beroemd vir Musiek sedert 1882
KLAVIERE:
STEINWAY
BECHSTEIN
BUSENDORFER
AUGUST FORSTER
OTTO BACH
WELMAR
ORRELS:
LOWREY
TELEVISIE:
PIONEER
SONY
VIDEO SCOPE

*Klasie maak weer so!*



Ondersteun die kankernavorsing